Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# HERINNERINGE VAN GENL CHRISTIAAN LUDOLPH DEWET DU TOIT, DSO.*

# DEEL II

**Part 2 of the Recollections of Genl du Toit deals with the Cyrenaica Derby, the role of a South African Armoured Car Regiment in Benghazi, the fight for Gazala Line, Retreat from Gazala and the Defence and eventual vacating of Tobruck.**

## Hoofstuk 6
## Die Cyrenaica Derby

Al wat oorgebly het, na die noodlottige dag van die 23ste, was 'n swaar Divisiehoofkwartier met een brigade onder bevel. 2 SA Brigade was nog op die grens. Die Brigade het geen mobiele opleiding ontvang nie en moes met die voertuie, wat in Oos-Afrika gebruik was, klaarkom. Het die generaal toegegee aan my versoek vir die addisionele veldregiment kon ons twee gevegsgroepe gevorm het uit die troepe tot ons beskikking.

Op die môre van die 24ste het Divisiehoofkwartier verskuif na 'n plek sowat 4 myl oos van Taieb el Essem. Dit was net 'n plat stuk woestynsand. Dit was 'n sonnige môre en redelik warm. Ek het besluit om te was en skoon uniform aan te trek. Van der Merwe, my drywer, het besluit om van die geleentheid gebruik te maak om die kar skoon te maak en alles te herpak. Ek kon nie 'n prent kry van die taktiese situasie nie. Ek het toe maar op my eie besluit om die twee tenkafweertroepe noord-wes van die Hoofkwartier te plaas. Na ek klaar verklee het en Van der Merwe besig was om worsies te braai vir middagete, het ek oorgestap na die Olifant, die pantserwa van Hoofkwartier. Dit was sowat 400 treë van my eie hoofkwartier. Ek wou die nuutste taktiese prent bekom. Ek het skaars daar aangeland toe ek 'n geweldige gedreun van pantser uit die noord-weste gewaar. Dit het geklink of dit reg op Hoofkwartier afpeil. Op daardie oomblik verskyn die generaal, wat my beveel om die tenkafweer vorentoe te beweeg en die tenks weg te hou sodat die voertuie van hoofkwartier hulle uit die voete kan maak. Ek moes toe nael vir al wat ek kon en terselfdertyd my oog hou op die voertuie, wat nou in dolle vaart was, om nie omgery te word nie. Die Suid-Afrikaner, wanneer gevaar dreig, soos hierdie, het nie op hom laat wag nie. Onder sulke omstandighede gee hy vir homself orders.

By die kar aangekom vind ek Van der Merwe nog besig om alles terug te pak. Bierman, my brigade-majoor, was reeds klaar om te ry. Ek moes toe my orders oordra aan hom om die twee troepbevelvoerders te kontak en te sê hulle moet probeer om die tenks teen te hou so lank moontlik. Dit was regtig nie meer nodig nie want die gebied was reeds skoon. Selfs die olifant was amper uit gesig. Dit was veronderstel om 'n spoed van 30 myl per uur te hê. Toe ek dit laas gesien het kon dit sy eie hou in die HK derby, waar die gemiddelde spoed niks minder as 50 myl per uur was nie. Ek het hand bygesit met die terugpak, vasbeslote dat ek nie my komberse in die slag gaan laat bly nie. Toe ek opkyk was Bierman reeds terug. Ons twee was nog die enigste oor op die toneel. Net waar jy kyk was voertuie in volle vaart, almal in 'n suid-oostelike rigting. Die geblaf van die 2-pdrs kon uit die stof gehoor word. Hoofkwartier voertuie het terugge-val na die suide. Na oorleg het ek en Bierman besluit om hulle te volg. Eers later sou ons agterkom dat Van der Merwe skoon vergeet het om die worsies te red. Een van die vyand het seker 'n rukkie later heerlik daaraan gesmul en boonop, moontlik, lekker gesit en lag oor die haas wat die Suid-Afrikaners aan die dag gelê het.

Dit geluk ons, na 'n paar myl se ry, om ons eie kantoorvoertuig in te haal sowel as 'n paar seinvoertuie onder die divisie seinoffisier. Ons het stilgehou en die voertuie beveel om daar te wag. Bierman en ek is terug om vas te stel wat van ons tenkafweer geword het. Op ons pad terug het 'n paar kanonskote oor ons kop gegaan. Dit was duidelik dat die terrein voor ons nog in besit van die vyand was. Ons het omgedraai. Aangekom op die plek waar die groepie voertuie gelaat is vind ons, tot ons ontsteltenis, dat hulle op hul eie vertrek het. Dit wil voorkom asof die paar grofgeskut skote die oorsaak was. Dit het die seinoffisier laat besluit om te verpas. Die

ander het sy voorbeeld gevolg. Eers dae later het hulle weer by ons aangesluit. Nie voor hulle 'n draai, saam met die seinoffisier, ver anderkant die grens gaan maak het nie.

Ons het op die uitkyk gebly, soos ons verder suid ry. Eindelik gewaar ons 'n persoon wat op die dak van 'n voertuig staan, 'n entjie oos van ons. 'Dit is seker die generaal,' het ek gesê. Ons ry toe nader. Daar aangekom vind ons die generaal en kol Joubert, sy G1. Die generaal was woedend en dreig net met krygsrade. Ek weet nie na wie hy gemik het nie. Ek het reeds een naam wat ek bo aan die lys sou wou voeg. Net die generaal se lyfwag, die drie pantserkarre, het getrou by hom gebly.

Tenspyte van die feit dat ons die generaal verwittig het dat die vyand in besit was van die terrein wat ons pas verlaat het, besluit hy om self te gaan kyk. Ons het so 'n ent teruggery, stilgehou en uitgeklim om die pantserkarre eers kans te gee om te gaan loer. Ons het nog gestaan en gesels toe 'n pantserkartets die grond hier by ons tref. Soos blits is ons terug in die karre en daar trek ons. Dit was die ene stof. Ook maar goed. My kar was een van die agterste. Soos ons wegjaag kon ek, waar ek in die kar staan, duidelik sien hoe die brandkoeëls by die linkerwiel voor verbyskiet. 'Meer regs' skree ek vir Van der Merwe, 'en trap op die lepel'. 'My voet is al lankal op die vloer', kom dit ewe kalm van Van der Merwe.

Ons het verder suidwaarts gery en later stilgehou en die wêreld betrag. Dié deel was baie stowwerig. Dit het gelyk na 'n pad wat voertuie gereeld gebruik. Skielik gewaar ons 'n vegeskader wat op ons afduik. Ek het aan Bierman gesê, en nou watter kant toe gee ons pad!' Ek het tussen my voertuig en die een links van my in die stof geduik en dit na ek 'n rukkie te vore heerlik gewas en skoon aangetrek het. Die vliegtuig voor het effens regs geswaai, vermoedelik gesien wat op die grond gebeur. Hy het toe begin skiet. Hy was nog effens links van lyn af. Ek kon sien hoe die koeëls regs van my verbygaan. Dit het gelyk soos klein stofhorinkies of groot reëndruppels wat die poeierstof tref. Hoe bly was ons nie toe ons 'n tweede vegeskader gewaar wat besig was om op die stert van die vyand af te duik! In 'n kits het vyf van die vyand met moeder aarde kennis gemaak. Wat 'n heerlike gevoel van voldoening na die bitter pil van die vorige dag, en die vernedering van die môre. En hoe soet was dit om weer 'n Suid-Afrikaanse eskader in die lug te sien sedert die operasies begin het.

Hierna ontvang kol Joubert en ek opdrag van die generaal om al die voertuie en pantser, wat daar ronddwaal, op een plek bymekaar te maak. Ons slaag daarin om 'n groot hoeveelheid voertuie en pantser, ondermeer die B Echelon van 1 SA Brigade, bymekaar te bring. Ons is daarna terug na die plek waar ons die generaal laas verlaat het. Daar aangekom was daar niemand in sig nie. Ons is hier uitmekaar om te soek. Die skemer het begin toesak. In die donkerte gewaar ek 'n groep voertuie voor my. Ek het stilgehou en afgeklim om ondersoek in te stel. Die volgende oomblik is ek gekonfronteer met 'Halt, who goes there!' 'South African', was die antwoord. Ek is gesê om nader te kom en met 'n bajonet in my rug is ek na 'n offisier gebring. Ek kon hom egter niks meedeel nie. Terug in my kar het ek besluit om terug te keer na die voertuie van die middag. Aan die flank van B Echelon van 1 SA Brigade, met skoene losgeknoop, Mauser handig, het ek rustig in die kar gesit en slaap.

Voor dagbreek is ek weer noordwaarts. Na 'n rukkie gewaar ek voertuie in die môre skemerte, wat in my rigting beweeg. Staande, met geweer gereed, het ek nader gery. Dit was duidelik dat die voertuie voor op hulle hoede was. Die voertuie was egter Brits. Vermoedelik die groep van die vorige aand. 'n Paar myl verder het Bierman, wat op die uitkyk was, ons gesien en ons kom ontmoet. Daar was net 'n groepie van die hoofkwartierpersoneel bymekaar.

Die dag daarop het ons 1 SA Brigade besoek. Hulle was ingegrawe by Taieb el Essem. Almal was in 'n joviale stemming, baie tevrede met die puik optrede van die artillerie die vorige dag toe Italiaanse pantser drie maal probeer het om die brigade aan te val. Die artilleriekonsentrasies was net een te veel vir hulle, presies wat by Gazala gebeur het en later by Alamein, waar die Suid-Afrikaners genl Rommel se opmars na die Delta gestuit het. Dit is hier waar ons 'n prent gekry het van wat gebeur het op die môre van die 24ste, toe ons in alle haas moes pad gee. Ons was byna die slagoffers van genl Rommel. Na die oorrompeling van 5 SA Brigade die vorige dag, het hy onder die indruk verkeer dat hy 1 SA Divisie uitgewis het. Na die slae wat hy die Britse pantser toegedien het, het hy gereken dat die oomblik aangebreek het om die oorblyfsels van 8 Leër, soos met die vorige keer, uit Cyrenaica te vee. Aan die hoof van 'n pantsermag het hy ooswaarts opgeruk na die Egiptiese grens. Hierdie intense poging van hom het wel groot verwarring onder die geledere van 8 Leër veroorsaak.

Op die middag van 23 November het een brigade van die Nieu-Seelandse Divisie op die Sidi Rezegh toneel verskyn. Hulle het kontak met 5 SA Brigade gemaak en ingegrawe op die platorand. Hulle kon egter geen direkte hulp aan die Suid-Afrikaners verleen nie. Het Rommel hom nie disnis gaan loop in sy stormloop na die grens nie, en hom toegespits op hierdie nuweling en die res van 7 Pantserdivisie, sou sake heelwat anders verloop het.

Die Nieu-Seelanders, anders as die Suid-Afrikaners, kon egter steun op die swaar infanterietenk. Twee brigades van die divisie het daarin geslaag om kontak met die Tobruckgarnisoen te bewerkstellig. Genl Rommel, na hy drie dae heelwat verwarring op die grense veroorsaak het, en in die proses heelwat verliese gely het, het besluit om hernude aandag te wy aan die ontsettingsmag. Met verwoede pantser en infanterie-aanvalle, ondersteun deur artillerie, het hy die Nieu-Seelanders geweldige verliese toegedien met gevolg dat die Nieu-Seelanders op 1 Desember noodgedwonge moes terugval. Hier weer kon 7 Pantserdivisie, wat intussen heelwat versterkings by gekry het, nie die Nieu-Seelanders uit hulle verknorsing help nie. Daar is gehoop dat 1 SA Brigade die kastaiings uit die vuur sou haal deur punt 175, sewe myl noord-oos van die doelwit van 5 Brigade, in te neem. Dit is deur die vyand, weens sy oormag van pantser verhoed, en die troepe moes terugval. Genl Gott, in plaas van sy ondersteuningsgroep gekonsentreerd te hou en saam met sy pantser brigades op te ruk om die Nieu-Seelanders uit hulle penarie te help, het passief gebly. Sy ondersteuningsgroep is gebruik in kleingevegsgroepe, in steuringstaktiek om die vyand orals, waar hulle kon, verliese toe te dien. Dit was die begin van die sogenaamde 'Jock Columns'. Hierdie muskietkolonne, wat min kon vermag, sou in maande wat voorlê ons nog heelwat onnodige verliese veroorsaak.

Terwyl hierdie gevegte aan die gang was is 2 SA Divisie aangesê om die troepe op die grens af te los. Hierdie troepe is gebruik in hernude aanvalle teen Bir El Gubi en die gebied wes daarvan. Genl Rommel, as gevolg van die geweldige verliese wat sy troepe gely het gedurende die afgelope drie weke se gevegte, en die druk wes teen sy verbindingslyn in die El Adem sektor, het die gevaar besef dat hy afgesny kon word. Hy besluit om sy troepe om Tobruck terug te trek en met sy pantsergroep, as agterhoede, het hy teruggeval tot agter die Agheilalyn, die westelike grens van Cyrenaica.

Die twee tenkafweertroepe, wat divisiehootkwartier op 24 November verdedig het, het hulle goed van hulle taak gekwyt. Hulle het nie alleen die opdrag om die vyand te vertraag uitgevoer nie, maar voor hom gebly, en hom van stelling tot stelling beveg tot by die grens. Heelwat tenks is deur die 8 tenkafweerkanonne gestuit. Die troepe het gewoonlik stelling ingeneem in 'n laagte, sodat die omliggende terrein nie gesien kan word nie, of agter 'n lae rant. Alleen die kanon sou sigbaar wees vir die aankomende vyand nadat die kanon gevuur het. Daar die terrein, in die omgewing van die kanon, nie sigbaar sou wees vir die vyand nie, is dit moeilik om die afstand te skat en die porté onder skoot te kry. Een troepbevelvoerder is in hierdie operasie gewond. Altwee is die militêrekruis toegeken vir die dapper weerstand wat hulle die vyand, in sy oormag, gebied het.

Al die artillerie was nou onder brig Pienaar se bevel geplaas. Hy het die generaal versoek dat ek by hom toegevoeg word om die artillerie te behartig. Die generaal het geweier. As gevolg hiervan moes ek die gevegsgebied verlaat op 29 November. Ek moes terugkeer na die Matruhgebied om te help met die reorganisasie. Op 2 Desember het ons die wadi Tamariya bereik, etlike myle suid van Matruh. Hier in bivak, in ongure weer en bitter koue is die herorganisasiewerk begin. Ons is 'n rukkie later terug na Matruh. Hierdie keer was ons gehuisves in die Egiptiese barakke. Hoewel koud en ongerieflik, en ons hernude lugaanvalle so af en toe moes verduur, was die vier mure en dak in elk geval beter as om die ongure weer buite te trotseer. Hier het ons die jaar 1942 ingesien. Die troepe het daardie nag, alles wat by die hand was, die lug ingeskiet.

My aantekeninge in my dagboek vir 3 Januarie lees soos volg. Op kantoor besig met rapporte en tabelle.

## Hoofstuk 7

### Suid-Afrikaners gevra om wal te gooi

Met Kersfees was karre van 'n Suid-Afrikaanse Pantserkarregiment, wat altyd op die voorpunt was om te verken in die aanval, en altyd die laaste was om te dek in die terugtog, in Benghazi, 'n hawe aan die noord-westelike uithoek van Cyrenaica. Met Rommel terug agter die Agheilalyn is 1 Britse Pantserdivisie aangesê om oog te hou oor die bewegings van die vyand. Vir hierdie operasie het die Britte my versoek om 7 veldregiment, wat 1 SA Brigade ondersteun

het, te leen. Ek was baie teensinnig. Hulle het my egter belowe om baie goed agter die regiment te kyk. Ek was huiwerig omdat ek nie veel vertroue gehad het in hulle leierskap en die taktiese gebruik van hulle pantser nie. Boonop het hierdie formasie bestaan uit kavallerie eenhede omskep in pantser. Ou gebruike en gewoontes sterf nie maklik nie.

Genl Rommel het nie lank op hom laat wag nie. Op karakteristieke wyse het hy die Britse pantser onverhoeds gevang, letterlik met hulle broeke op hulle enkels. Een van 7 veldregiment se batterye is sonder beskerming gelaat en is deur die vyandelike tenks oorrompel. 'n Ander battery moes ewe swaar verliese verduur toe die kavallerie, soos gewoonlik orals rond gallopeer inplaas van die geweldige slaankrag, waaroor hulle beskik het, gekonsentreer te hou. Een pantserregiment het dit selfs gewaag om 'n geveg aan te knoop met net 10 myl brandstof.

Sewe van die 24 veldkanonne van 7 veldregiment het hulle pad na ons teruggevind. Gelukkig het die Regimentshoofkwartier en Batteryhoofkwartiere ongeskonde gebly. Die volgende getuigskrif, ontvang van die Bevelvoerder van 2 Pantserbrigade, haal ek hier aan. 'The courage of all ranks and their determination to close with the enemy was beyond praise. In particular would I draw attention to the staunchness of the South African gunners who, in support of 10th Hussars and 9th Lancers fought their guns to the last with total disregard to their personal safety.' Nog 'n bladsy in die roemryke geskiedenis, soos dié van hul voorsate, die Staatsartillerie, van die Suid-Afrikaanse Artillerie, hoewel dit vir ons, op daardie tydstip, 'n swaar slag was.

Genl Rommel was nie tevrede met hierdie inisiële sukses nie. Soos in Noord-Frankryk, so ook hier, hierdie keer in 'n terrein van sand en stof het hy die korrels sand onder sy voete laat spat. Weer was alles in rep en roer. Met die Britse pantser op loop in die suide moes 4 Indiese Divisie, in alle haas die groen hooglande, langs die noordelike kus verlaat.

Soos later, ook hier, moes die Suid-Afrikaners kom wal gooi. Op 29 Januarie word Benghazi deur die vyand beset. Op 27 Januarie vergesel ek die divisie se verkenningsgroep na El Adem. Voor my vertrek gee ek opdrag dat alle beskikbare artillerie, onder bevel, daarheen beweeg. Na 'n besoek aan korpshoofkwartier op 31 Januarie is ons na Gazala. 1 SA Brigade was op hierdie tydstip nog in Timimi. Op 1 Februarie voer Genl Brink 'n verkenning uit van die lyn El Ain Gazala, aan die kus, tot by Alam Hanza, verder suid in die woestyn. Dit was nie 'n ideale verdedigingslyn nie, want die duine, klipagtig van aard, het oos-wes gelê. Die droëlope (wadi's) wat noord loop het 'n mate van skuiling gebied maar ook die gesigsveld beperk.

Daardie laat middag ontvang ek 'n opdrag van die Generaal om alle beskikbare eenhede by El Adem te gaan haal. Lt Kol Furstenburg sou sorg vir die pantserkarregiment. Ons twee besluit om die teerpad, wat parallel met die kuslyn loop, te gebruik. Dit was reeds donker toe ons die pad bereik. Die pad was gepak met voertuie van 8 Leër, wat besig was om terug te val. Die voertuie het neus aan stert beweeg en stadig. Ons moes maar die beste van 'n swak saak maak, ek voor en Furstenburg kort op my hakke. Na 'n rukkie het ek begin ongeduldig raak en besluit om, waar moontlik, verby te steek. Regshou was die padreël. Ek wag my kans af en swaai links. Of dit telepatie was of nie, weet ek nie. Die drywer voor besluit om die selfde te doen. Om 'n botsing te vermy moes ek vinnig swaai na links. Die volgende oomblik bevind ek my voor 'n diep afgrond. Ek kon maar net wiel vashou, rem trap en hoop vir die beste. Gelukkig het die kar nie bolmakiesie geslaan nie maar langs die steilte afgegly. Hy het ongedeerd onder op 'n sandpad beland. Richard, my lyfbediende, het in die voertuig gestaan op die uitkyk. Toe ek onder land en opkyk het hy amper wit in die donkerte voorgekom.

Sowat 15 tot 20 voet bokant ons, teen die luglyn, het die voertuie voort beweeg ooswaarts. Ons het nie op ons laat wag nie en ook so gemaak. 'n Ou sandpad is gevolg, vermoedelik gemaak deur die vyand toe hulle vanaf Tóbruck teruggeval het. Na so 'n paar myl afgelê is het ons al nader en nader beweeg na die voertuie bokant ons. Toe die geleentheid hom voordoen swaai ons terug op die teerpad. Was my verbasing groot toe ek gewaar dat die voertuig, onmiddellik agter my Furstenburg s'n was. Hy vertel my later daardie aand dat, toe hy my sien verdwyn oor die afgrond in die donkerte, hy gereken het dat dit klaar praat was met my. Stilhou was uit die kwessie. Hy het toe maar aangestryk na Tobruck met die doel om 'n ambulans uit te stuur om ondersoek te gaan instel. Hy was net so verbaas om my hier voor hom te sien uitpeul.

Op 3 Februarie het ons in meer besonderheid die heel noordelike gedeelte van die Gazalalyn verken. 1 SA Brigade was reeds besig om hulle

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

op hierdie deel in te grawe. Die volgende dag het die Poolse Brigade by ons aangesluit en stelling ingeneem in die Carmuse en Regem sektor, die middelgedeelte. Die Vry Franse Brigade, ook onder bevel, het die suidelike sektor, Alam Hamza, verdedig.

My ou vriende, die Britse Medium Regiment, het op 5 Februarie aangemeld. Met 'n staf om teenbatteryvuur te kan onderneem het ons posisie heelwat verbeter. Op hierdie tydstip kon ons steun op die slaankrag van 86 kanonne. Op 7 Februarie is alle artillerie onder my bevel geplaas. Die taal het wel probleme geskep. Ek het aan Kol Gleewitz, Poolse Artilleriebevelvoerder, eendag gesê ek wens ek kon Pools praat. 'Moenie probeer nie, dit is veels te moeilik', het hy geantwoord. Soos ek, het hy ook voor die oorlog artilleriewetenskap gedoseer. Die samewerking was hartlik. Ons het geweet dat as ons met die vyand slaags raak, hierdie twee brigades ons nie in die steek sal laat nie. Die Franse het dit ook later bewys deur die heldhaftige verdediging van Bir Hacheim.

Mynvelde is gelê en later uitgebrei. Werk aan die stellings was maar gedurig aan die gang. Bedags het pantserkarre en troepe van die artillerie-eenhede in niemandsland geopereer. Alles in sig was onder skoot geneem. Selfs mediumkanonne is in niemandsland gebruik om verskillende teikens, wat ons uit lugfoto's kan vasstel, te bestook. Die vyandelike lugmag het ons daagliks onder oog gehou. Ons lugafweer was dus dikwels in aksie. Op 26 Februarie, byvoorbeeld, het die vyand 5 sorties, met 2 vliegtuie elk, oor ons gevlieg. Daardie dag het ons drie vliegtuie met ons bofors afgeskiet, een vlieënier gevange geneem en nog drie vliegtuie beskadig. Dikwels moes ons egter onder hulle bomme deur loop.

Selfs Hoofkwartier, verder terug, moes dit ontgeld. Ek was meestal besig om stellings in die voorlyn te besigtig en te besoek en was dus die geleentheid gebied om op 'n afstand te staan en aanskou hoe my eie hoofkwartier onder die stof deurloop. Die vyand het daarvan 'n gewoonte gemaak om Acroma, oos van ons, en ander, in die omgewing, te verken en te bom. Met die terugtog het hulle dan laag oor divisiehoofkwartier gevlieg met masjiengewere in volle werking. Dit het selfs gebeur dat hulle die troep lugafweer, wat hoofkwartier verdedig het, verras het. In so 'n geval het die staf, die Generaal inkluis, nie juis tyd gehad om hulle loopgrawe te bereik nie. Op 'n dag het die Generaal my gestuur en opdrag gegee dat ek 'n plan moet beraam om die staf vroegtydig waarskuwing te gee teen hierdie verrassingsaanvalle. 'Dit is onmoontlik om te werk as jy jou ore moet spits oor wat buite aangaan,' was sy kommentaar.

Die oplossing, wat my betref, was maklik. Ek het 'n waarskuwingspos sowat 20 tree agter die Generaal se ingegrawe tent opgerig en met twee seiners beman. Hulle is met 'n lugsirene voorsien, een van daardie soort wat gou jou senuwees op hol sal hê as jy te dikwels daarna moet luister. Hierdie pos het ek telefonies laat verbind met twee derglike poste een myl wes en een myl oos van Hoofkwartier. Hierdie twee poste het opdrag gekry om die sentrale pos te waarsku van die aantog van alle laagvlieënde vliegtuie.


Daarna was die gort gaar. Vir elke naderende vliegtuig het daardie gehaai — oor die hoofkwartiergebied weerklink. Orals het jy staf-offisiere sien spring vir die skuiling van 'n loopgraaf. Daardie aand het senior staflede, toe ons vergader vir ete, my aangegluur en die voorvinger oor die keel getrek. Hulle kon egter niks sê nie, want ek het net die Generaal se opdrag uitgevoer. Hyself het geen kommentaar gelewer nie. Ek is nie eens gekomplimenteer op die goeie werk nie. In die stilte het ek die situasie terdeë geniet. Tot hoe 'n mate ek bygedra het tot die vervanging van die meeste senior stafoffisiere, kort daarna, sal ek nooit weet nie.

Met een geleentheid was daar 'n versuim by 2 SA Brigade, wat in stellings was onder die platorand, om sekere inligting dadelik deur te stuur. Alle soorte verskonings is gemaak. Die atmosfeer by aandete was baie troebel. Dit was duidelik dat 'n ondersoek gelas gaan word. Gedagtig aan die Engelse gesegde, 'Out of sight out of mind', het ek besef hoe gouer ek my uit die voete maak, hoe minder is die kans dat hierdie taak weer op my skouers gelaai gaan word. Ek was nie lus vir 'n nagsitting nie. Die ete was skaars klaar of ek vra verskoning op grond dat ek nog heelwat werk het om te doen. Dit het net niks gehelp nie. Ek was nog besig om aandagtig te sit en luister na Lili Marlene, wat elke aand die selfde tyd uit Belgrade uitgesaai is vir die Duitse troepe in Noord-Afrika, en waarna ons net so gretig ingeluister het, toe ek die ergste moes verneem. Die Generaal het opdrag gegee dat ek die ondersoek moet waarneem. Die prosesverbaal moet om 06h00 uur, die volgende môre, ingehandig wees.

Vroeg in Maart het ek nog 'n onverwagte opdrag van die Generaal ontvang. Ek moes 'n waardering maak van die verdediging, soos

opgestel, van die Gazalalyn. Ek het my gevegskaart noukeurig gemerk, 'n paar notas gemaak, en na die Generaal se tent gestap om dit aan hom mondelings oor te dra. Dit het niks gebaat nie. Dit moet in skrif wees en dadelik gedoen word, nog die volgende dag ingehandig word. Ek wonder of enige B.D.A. al met so iets opgesaal was. So iets was tog 'n funksie van sy G staf wat die heeldag op kantoor sit. Die afskrif van hierdie waardering lê voor my waar ek hier sit en skrywe. Toe ek dit aan die Generaal oorhandig het hy dit net parafeer met die bekende G.E.B. en dit in sy mandjie gelê. Dit is nogal interessant om vandag daar deur te blaai. Elke faset is afsonderlik behandel. Rommel sou 'n lelike bloedneus opgedoen het as hy hierdie divisie, waar dit ingegrawe was agter mynvelde, probeer aandurf het. Ons kon tot 80 kanonne konsentreer op die moontlike aanvalsroetes. Die lyn, wat ons verdedig het, was 10 myl lank. Geen wonder dat Rommel na sy inisiële sukses in die westelike gedeelte van Cyrenaica, die pas makeer het tot 27 Mei, voor hy sy aanslag geloods het. Hy het gewag totdat hy voldoende pantserslaankrag gehad het, voordat hy probeer het om sy opmars voort te sit. Selfs toe het hy besluit om hierdie gedugte versperring links te laat lê. Miskien ook ontnugter, na sy vorige ondervinding, toe sy pantsermag 5 SA Brigade in die ope aangedurf het en 70 tenks in die slag gebly het.

Die prent het algaande verbeter. 3 SA Brigade, onder Brig Klopper, van 2 SA Divisie in Tobruck het by ons kom aansluit en die stellings van Dan Pienaar se brigade oorgeneem in die noorde. Klopper is later aangestel as Divisiebevelvoerder van 2 SA Divisie. Bobby Palmer is in sy plek aangestel as Brigadebevelvoerder. 2 SA Brigade, onder Brig Poole, het die Poolse Brigade vervang. 1 SA Brigade het stelling ingeneem op die linkerflank in die Alam Hamza gebied, waar die Vry Franse was. Laasgenoemde het stelling ingeneem op die mees suidelike punt van die verdedigingslyn by Bir Hacheim. 50 Britse Divisie het onmiddellik suid van ons ingegrawe. (sien skets 6).




Die slag van Gazala 23 Mei — 15 Junie 1942

Dit was gedurende Maart duidelik dat die vyand al hoe meer aggressief word. Beide in die lug en op die grond was dit waarneembaar. In niemandsland, waar ons vryelik geopereer het, het ons meer teenstand teëgekom. Ons veldgeskut het hier ook meer dikwels onder vyandelike vuur gekom. Kolonne, saamgestel uit infanterie, veldgeskut en tenkafweer, is op twee geleenthede uitgestuur om grond voor te beset. By een geleentheid nie sonder verlies in infanterie en 3 tenkafweerkanonne nie. Brigadier Kriegler, wat pas die brigade oorgeneem het, was nie genoeg op sy hoede om sy troepe betyds te laat terugval nie. Hier was dit bepaald 'n geval van gebrek aan ondervinding. Dit is noodsaaklik dat senior personeel die geleentheid gegee word om praktiese ondervinding op te doen, verkieslik tot toevoeging tot 'n gelykstaande bevel, voordat hulle in 'n bevelspos aangestel word. Ons lugafweer, op die divisiefront, waar ons 'n sambreel van 3 kanonne dwarsoor die front gehandhaaf het, was so effektief, dat die vyand hulle gekomplimenteer het deur 'n opdrag aan hulle vlieëniers uit te reik om nie laag oor die front van die Suid-Afrikaners te vlieg nie. Hierna het ons maar min teikens gehad om na te skiet.

Aan die begin van Mei het ons iets beleef wat ons nie tevore ondervind het nie. Ons personeel in divisiehoofkwartier het hulle bivaktente geplaas in die syvertakking van 'n droë wadi en in die inlope daarvan. Dit is gedoen om dit minder opsigtelik te maak, hoewel die voertuie, wat as kantore gebruik is, nie maklik gekamoefleer kon word nie. Hierdie lope het egter goeie skuiling gebied teen bomsplinters. Die Generaal se tent was in die sytak en omring met sandsakke, sowat borshoogte, myne in 'n inloop sowat 40 treë daarvandaan, 'n seildak, omring met 'n muur van 3 sandsakkies opmekaar, het gedien as skuiling. So teen middernag, een aand, het dit skielik begin blits en daar was 'n gerommel van donderweer. Ek het my nie aan hierdie nuwe verskynsel gesteur nie. 'n Rukkie later het dit onverwags en hewig begin stort, letterlik emmers vol. Ook nie lank nie en die gebruis van lopende water het my regop laat sit. Die volgende oomblik begin die water by die kopenent oor die sandsakkies stort. Dit het my geluk om 'n paar sandsakkies by die voetenent weg te skop, want die water was byna bedhoogte. Op daardie oomblik verskyn Van der Merwe en Richards op die toneel en met hulle hulp kon ek verhoed dat die beddegoed en klere nat word.

Nadat ek Richards opdrag gegee het om die water uit te skep en die plek droog te maak is ek daar weg om te gaan kyk hoe dit met die ander gevaar het. By Bierman se tent was die water nog lustig besig om deur die tent te spoel. Bierman was vas aan die slaap. Hy het vermoedelik alles wat op die grond was by hom op die bed gestapel en weer aan die slaap geraak. Daarvandaan is ek na die Generaal se tent. Hier het dinge nie te mooi gelyk nie. Die loop was halfvol. Die Generaal het borsdiep in die water gestaan. Met sy hand omgekeer was hy besig om alles wat dryf uit die water op te diep. Die toneel het nogal komies voorgekom. Ek het egter nie durf lag nie. Ek het die Generaal verseker dat ek eers gou gaan hulp soek en oorgestap na sy buurman Kol Girdwood, Hoofmedieseoffisier. Ek het hom 'n kort beskrywing gegee van die toneel, wat ek pas verlaat het, en aanbeveel 'n hospitaalbed en droë pajamas, want daar was niks droog in die Generaal se tent nie. Op daardie oomblik kom Lt Kol Gerard, A en K, die man wat kos en voorraad voorsien, ingestap. In beter hande kon ek die Generaal nie laat nie. Ek is daar weg. Richard kon hom nie beter van sy taak gekwyt het nie. Sonder verdere bekommernis het ek onder die komberse ingekruip.

Hierdie onverwagte storm het 'n hele nasleep gehad. Orals in die woestyn het voertuie vasgeval gelê. Vliegtuie aan weerskante kon nie opstyg nie, as gevolg van die nat aanloopbane. Die woestyn het oornag verander in 'n blomtuin. Kleurvolle arnonkels was 'n paar weke daarna oral te sien. Ewe verbasend, agter ons lyne het die Arabiere nie hierdie geleentheid onbenut verby laat gaan nie. Hulle het gekom, geploeg en gesaai. Weke later was stukkies groen koring orals te bespeur. Selfs ons Hoofkwartier het nie ongeskonde uit hierdie donderstorm gekom nie. Die Generaal, wat vroeër sy rug beseer het, is, met die nag se koue, 'n verdere knou toegedien, en is op mediese advies terug na die Unie.

Op 14 Mei het ek opdrag gekry om by Gambut, 'n vlieghawe, oos van Tobruck, te rapporteer. Daar aangekom was ek verbaas om Generaal Smuts te ontmoet. Hier het ek verneem dat Brigadier Pienaar bevorder is na Generaal-Majoor en aangestel is as die nuwe Divisiebevelvoerder. Sy aanstelling is verwelkom deur alle range, want hy was bemin deur die wat onder hom gedien het. Almal het die volste vertroue gehad in hom. Hy was takties bekwaam en menslik. Hulle het geweet hulle word nou gelei deur iemand wat sal veg vir hulle belange. Hy was bekend daarvoor dat hy die waarde van menselewens hoog stel, en nie doelloos opoffer nie.

Na 12 maande op aktiewe diens, in die rang van

kolonel, is ek bevorder na die rang van brigadier, en is aangestel in die bevel van 'n infanteriebrigade. Hoewel ek in bevel was van vyf artillerieregimente — op die Gazalafront was daar ses — wou Genl Brink, my nie aanbeveel vir bevordering tot brigadier nie. Sy antwoord aan my was, ek moenie verwag dat hy my sal bevorder voor sy G1, wat 'n kolonelspos op sy staf beklee het nie. My eweknie in die Britse formasies kon dit nie begryp nie. Later, na ek terug was in die Unie, het ek vertoë gerig dat die artilleriebevel ook tot sy reg kom. Dit is toegestaan. Ek het swaar afgesien van my ou korps. Die pos wat ek beklee het was 'n interessante een. Die beeld wat jy het is 'n breër een as die van die infanteris en jy hanteer die wapens wat die beslissende faktor is, beide in die verdediging en aanval. Wat kwalifikasies betref is daar nie 'n vergelyking in die vereiste opleiding nie. Afgesien van menseverhouding, gesonde taktiese vernuf en kennis van die vertakking, gepaardgaande met die vermoë om terrein te kan lees, wat 'n vereiste is vir beide, beskik die artilleris oor 'n breë tegniese en wetenskaplike kennis van al drie vertakkings nl. veld, tenkafweer en lugafweer.

Die senior staf van die divisie het ook oornag 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Van die lede, wat aangesit het in A menasie, toe ons die Matruhvesting verlaat het, was ek nog die enigste in die veld, hoewel in 'n nuwe hoedanigheid. Ek het opdrag ontvang van Genl Pienaar om 1 SA Brigade van Kriegler oor te neem. Hierdie bevel het ek die volgende dag oorhandig aan Furstenburg, die nuwe brigadier. Daarna het ek die bevel van 2 SA Brigade van Poole oorgeneem. Hierdie brigade was in stelling, in die middel, die ou Poolse gebied, tussen 3 SA Brigade van Bobby Palmer in die noorde en 1 SA Brigade, Furstenburg, in die suide. Ek was gelukkig om kennis te dra van die stellings van die brigade en die verskillende ondersteuningswapens van my ou korps. Die Bevelvoerders van die drie bataljons, die Cape Town Highlanders, die Natal Mounted Rifles en die Velddiensbataljon, was ou bekendes. Ek het egter min kennis gedra van die staat van opleiding wat die brigade bereik het, daar hierdie brigade nie deel geneem het aan die mobiele operasies van die vorige jaar nie. Dit het nog beskik oor ou verweerde transport, wat in Oos-Afrika gebruik was.

Ek het my tuis gemaak in die klein bivaktentjies, wat deur die bevelvoerder van die Poolse brigade gebruik was. Die mure was gepak met enkel sandsakkies, sowat drie en 'n half voet hoog. 'n Spits seil het gedien as dak. Dit was geleë aan die oostelike wang van 'n vlak lopie, aan die noordelike kant van die rant. Die vertrekkie was net groot genoeg vir 'n kampbed. Ek sou die tentjie aan die westelike wang van die klofie geplaas het, want hier sou dit 'n mate van skuiling gebied het teen artillerievuur vanaf die weste.

Ek kon net 'n vlugtige besoek bring aan die infanteriestellings en daarna verhuis na my gevegshoofkwartier op die hoëgrond tussen my twee bataljonne voor, N.M.R. regs en C.T.H. links en die derde bataljon, die velddiensbataljon, wat bestaan het uit oud lede van die S.D.B. agter. My hoofkwartier was in 'n Bir, dws òf 'n uitgegrawe tenk, òf 'n plek waar graan ondergronds geberg kan word. Dit was in die vorm van 'n outydse stookketel, wyd onder, soos 'n bottel, met 'n nou ronde nek bo. Langs hierdie Birs, is die grond wat uitgehaal is opgehoop, kegelvormig. 'n Tonnel is gegrawe vanaf die gat onder tot regoor die middel van die hoop grond en van daar opwaarts. Die koepel is uitgepak met sandsakkies. Twee tot drie persone kon hier maklik sit. Dit het 'n lieflike uitsig gegee oor die gebied voor en oor die stellings van die kanonne in die laagte regs, wat die brigade ondersteun het, sowel as 'n groot gedeelte van die brigade op sy regter flank, ook 'n goeie uitsig oor die terrein waaroor die vyand moet aanval.

## Hoofstuk 8

## Die Geveg om die Gazalalyn


Net na middagete, 26 Mei, het vyandelike tenks, gevolg deur infanterie, op die luglyn verskyn. Hulle is onmiddellik onder skoot geneem deur ons artillerie. Die openingskote was in die kol. Te midde van die stof en die gebars van die artillerie kartetse kon ek duidelik sien hoe die infanterie in alle rigtings skarrel vir skuiling. Die vyandelike tenks het gou van die luglyn verdwyn. Om 1615 is ons voorposte teruggetrek tot agter die mynvelde. 'n Uur later was die vyand reeds in die gebied waar ons voorposte was. Hulle het elke moontlike poging aangewend om so naby moontlik aan ons stellings te kom.

Om 1530 uur het die eerste stukformasie, 18 sterk, uit die rigting van Timimi ons verdedigingslyn genader, oor my hoofkwartier geduik en hulle bomme gelos op die artilleriestellings net regs van ons. Daarna is hulle terug na Timimi om te gaan herlaai. Ons eie lugmag, bomber sowel


as vegter, soos so dikwels die afgelope maande gebeur het, was net nie te sien nie. 'n Pragtige voorbeeld van die gebrek aan samewerking tussen die lugmag en grondmagte. Volgens die Britse stelsel was elk onder 'n afsonderlike bevel. Baie van die terugslae in hierdie operasiegebied kan hieraan toegeskryf word. Hierdie aanval van die vyand was verwag dus kan 'n mens nie verskonings soek nie. Gelukkig het die vyand nie veel sukses met hierdie lugaanvalle behaal nie. Dit was egter opmerklik dat die vyand op hierdie middelsektor gekonsentreer het.

Die vyfde keer, en teen hierdie tyd het die formasie reeds tekens getoon van die uitwerking van ons lugafweer, want daar was net 13 oor, het die formasie verder links gaan draai. Ek het net vir Leisegang bevelvoerder van die veldregiment, wat my brigade ondersteun het, gesê 'Dit lyk asof iemand anders dit hierdie keer gaan kry.' My woorde was nog nie koud nie toe roep hy 'Look out!' Toe ek opkyk, kyk ek vas in die neus van die voorste bomwerper. Die volgende oomblik was ons toe onder die stof en sand. Dit dreun en fluit om ons. My eerste bekommernis was my staf onder in die gat. Hulle was gelukkig ongedeerd, so ook ons kombuisstaf in 'n klofie net noord van ons. Daar was geen ongevalle onder die hoofkwartierpersoneel nie. Lt Kol Bester, Bevelvoerder van die velddiensbataljon, wie se hoofkwartier net 'n entjie agter ons was, het 'n voltreffer gehad op sy skuiling. Die buis van die bom, wat deur die sandsakke en gebuigde sink gebeur het, was sigbaar waar dit in die sink vassteek. Gelukkig het dit nie ontplof nie. Ons was egter genoodsaak om die gevegshoofkwartier tydelik te ontruim om die Genie, wat onder bevel gestaan het van Jannie Smuts, seun van Generaal Smuts, die geleentheid te gee om die groepie bomme, wat om die hoofkwartier gelê het, te vernietig. Die bomme, wat nie ontplof het nie, mag tydmeganismes bevat het.

Ons is terug na ons administrasiehoofkwartier, sowat 'n myl verder oos, waar ons die nag geslaap het. Vroeg die volgende môre was ek besig met my inligtingsoffisier, Kapt Kemp, om die nag se operasierapporte na te gaan. Ons het om die tafel gestaan in die tent. Die vyand was besig met artilleriekwelvuur in die hoofkwartiergebied. Ons het nog so staan en gesels toe 'n ingewing my soos blits tref — hierdie skoot gaan tref! Sonder om 'n woord te uiter duik ek vir die linkerhoek voor, Kemp vir die linkerhoek agter. Tergelykertyd tref 'n kartets die grond 'n paar voet voor die tent. Die volgende oomblik het ons in die ope lug gelê. Alles bokant 18 duim van die grond was skoon afgesny, asof dit met 'n reuse sens gedoen is. Ons was natuurlik onder stof en sand. Ek het net 'n skrapie op die knie opgedoen waar ek die grond getref het.



**Genl du Toit se tent wat vernietig is deur kanonkartets terwyl hy en kapt Kemp binne was. Gazala, oggend van 28 Mei 1942.**


Stofstorm, Gazala 1942.


Masjiengeweerstelling in die woestyn.

Hierna het ons afgestap na Leisegang se tent om hom te verwittig dat ons terugkeer na ons gevegshoofkwartier. Ons was net agter die sakmuur, wat by die ingang van die tent gepak was, toe nog 'n skoot die grond tref, 'n paar tree agter ons. Hierdie keer is 'n seiner, wat net agter ons was noodlottig deur 'n skerf van die kartets getref.

Op 27 en 28 Mei het die vyand ons voorste stellings met mortiere bestook. Ons het geantwoord met mortier en masjiengeweervuur. Die artillerie was bedrywig aan beide kante, die hele dag. Die vyand het elke moontlike poging aangewend om binne trefafstand van ons stellings te kom. Ons nagpatrollies het rapporteer dat die vyand drukbore gebruik om in te grawe. 'n Groot werksparty, agter 'n skildwaglyn voor, was met pik en graaf besig om in te grawe.

Op 28 Mei is aan my gerapporteer dat personeel, waarskynlik offisiere, met kaarte in hulle hande op die luglyn gesien is, vermoedelik besig om ons posisie te verken. Nog 'n bewys dat die vyand besonder belanggestel het in ons sektor. Sou dié sektor val, is die ander twee brigades gedoem, want die middelsektor gee toegang tot die passe agter die divisie. Om 0600 uur, 29 Mei, het 'n bataljon infanterie, vergesel van omstreeks 7 pantserkarre, 'n aanval geloods teen die Cape Town Highlanders. Artillerie, mortier en masjiengeweervuur het die aanval gestuit. Die vyand het probeer terugval maar 'n band artillerievuur is agter hulle geplaas. Die witvlag is gehys en dié was nogal volop. Dertien offisiere en 380 manskappe is aangekeer. Die vyandelike ongevalle, volgens berekening, was tussen 200 en 300. Aan ons kant is een offisier, wat hom onnodig blootgestel het, en een manskap gedood. Twee manskappe is gewond. Dit was ook die laaste poging van die vyand om die lyn te probeer binnedring. Die arme Italianers was nog in die verknorsing, want so lank hulle sigbaar was, is hulle deur die vyandelike artillerie bestook, gevolglik moes die gevangenes en wagte herhaaldelik skuiling soek.

Die volgende môre rapporteer die Natal Mounted Rifles dat die vyand besig was om te infiltreer in 'n klofie 'n entjie voor hulle stellings. Ek het 'n battery gevra, wat 3 SA Brigade ondersteun het, of hul observasie oor die kloof het. Hulle het bevestigend geantwoord en laat weet dat hulle die insypeling reeds die hele môre dophou. Op my versoek het hierdie battery gou 'n einde gemaak aan hierdie poging. Persoonlik sou ek nie daar wou gewees het nie, want die grond in daardie klofie was so hard soos klip.

Dit is miskien nodig om hier 'n skets van die gebeure elders te gee om die prent te voltooi. Genl Rommel het op die nag van 27 Mei daarin geslaag om sy pantsermag suid van Bir Hacheim, om die vesting van die Vry Franse se brigade, te beweeg. Hierdie keer het hy, tenspyte van die waarskuwings van 4 en 6 SA Pantserkarregimente, wat op verkenning uit was, en wat van tyd tot tyd die posisie en vordering van die vyandelike pantser rapporteer het, weer net soos by Agheila, vir 7 Britse Pantserdivisie aan die slaap gevang.

Soos te vore het die Britse pantser verstrooid oor die woestyn gelê. Dit, tenspyte van die feit dat die aanval te wagte was. Hoofkwartier 7 Pantserdivisie is oorrompel. 'n Indiër en Britse brigade is verjaag en versprei en kon geen weerstand bied nie. 4 Pantserbrigade het nog die slaap uit hulle oë gevrywe toe vyandelike pantser hul tref. Een pantserregiment is vernietig en 'n tweede is 'n gevoelige slag toegedien. Ondermeer is 17 nuwe Granttenks, vir die eerste keer hier gebruik en wat moes gedien het as 'n verrassing vir die vyand, in die slag gelaat. Die Hoofkwartier van korps, onder wie hierdie pantserdivisie sorteer het, was daardie aand nog onbewus hiervan. Ons eie lugmag was nog nêrens te bespeur nie. Om 1000 uur op die môre van die aanval was vyandelike eenhede reeds suid-wes van Tobruck. Beide 13 korps, onder wie ons sorteer het, en 30 korps se hoofkwartiere moes skuiling soek in die El Ademvesting. Selfs 1 Pantserdivisie, die Agheilaslagoffers van Rommel, het nie ongedeerd uit hierdie blitsaanval van die vyand gekom nie. 22 Pantserbrigade wat suidwaarts opgeruk het, om by 4 Pantserbrigade, wat reeds 'n bloedneus opgedoen het, te gaan aansluit het trompop teen die vyand vasgeloop en is verjaag. Een pantserregiment het 30 tenks verloor sowel as 'n troep veldgeskut en 2 Pdr. tenkafweer. Alleen 2 Pantserbrigade, wat suid van Tobruck was, kon bewys waartoe die Granttenk in staat was. Hulle het die vyand behoorlik laat les opsê.

As gevolg van hierdie aanval om die suidelike punt van die Gazalalyn, was die verbindingslyn van die vyand verskriklik kwesbaar. Pantser, 'n vreter van brandstof, kan nie beweeg of veg sonder hierdie kommoditeit nie. 'n Aanslag teen die voorraad echelons van hierdie pantsermag kon vir die vyand noodlottig gewees het. Hoe het 8 Leër die situasie waardeer? Indien die aanval van die vyand om die suidelike punt verwag was, watter stappe is geneem om die pantser opmars te stuit en tegelykertyd hom aan te val, waar hy

die meeste kwesbaar was. Genl Messervy wat in bevel was van 7 Pantserdivisie, wat bestaan het uit 4 Pantserbrigade en twee gemotoriseerde brigades, was vermoedelik in die suide geplaas vir 'n sekere doel. Wat dit was is moeilik om te bepaal as 'n mens dit van 'n studie van die posisies van sy drie formasies moet verkry. Boonop was een van sy gemotoriseerde brigade hopeloos versprei. Hy kon tog nie verwag het dat hierdie twee brigades 'n gekonsentreerde vyandelike pantsermag moet stuit nie. Was hulle doel om vroegtydig inligting te bekom? Hiervoor het hy die pantserkarregiment gehad. Die het hom al die inligting, wat nodig was, verskaf. Deur sy swak interne organisasie het hierdie inligting nie die regte kanale bereik nie. Genl Messervy self is gevang terwyl hy ontbyt geniet het. Wat was dan sy oogmerk? Selfs sy enigste pantserbrigade, waar sy slaankrag gelê het en wat 15 myl verder terug was, is op hulle staanplek gevang, moes 'n loesing verduur en het toe die hasepad gekies. Het hulle dan niks geleer uit die pantsergevegte van November, die vorige jaar nie, selfs nie die ondervinding van 1 Pantserdivisie by Agheila in Januarie nie? 7 Pantserdivisie het tog beskik oor geweldige slaankrag. Het hy maar sy divisieartillerie, die tenkafweer en die twee ondersteuningskompanies van sy twee gemotoriseerdebrigades gebruik as basis en dié saam saam met 4 Pantserbrigade opgestel op gunstige grond, 20 myl suid-oos van die Vry Franse brigade, sou dit Rommel in 'n lelike dilemma geplaas het. Met 22 en 2 Pantserbrigades met hulle ondersteuningswapens in die gaping tussen Knightsbridge, waar die Guardsbrigade was, om El Adem te dek en in 'n afwagtende houding, sou dit 'n perd van 'n ander kleur gewees het. Rommel sou òf Messervy moes aangeval het, òf die gevaar geloop het dat sy voorraad echelons aan repies gesny word.

1 Leërtenkbrigade, wat toegerus was met tenks, wat normaalweg met infanterie opereer, en wat oos van 69 Brigade was, het positief opgetree en op eie inisiatief die flank van die vyandelike kolonne, wat verby hulle beweeg het, aangeval. Dit het die vyand heelwat hoofbrekens besorg, want die aanval het veroorsaak dat die brandstofechelons van die gevegseenhede geskei was. Daardie aand was die vyand 15 myl wes van El Adem en 15 myl suid-wes van Tobruck. Hulle was nogtans in 'n gevaarlike posisie. Hulle verbindingslyn was lank en kwesbaar. Die Gazalavestings was nog ongeskonde. Hoewel swaar verliese in pantser gelei is het 8 Leër, onder Genl Ritchie, oor voldoende slaankrag op daardie tydstip beskik om die uitklop hou toe te dien. Was Genl Auchenleck, wat oor die nodige bekwaamheid beskik het, op die toneel en het direk bevel oorgeneem, kon hy nog die kastaiings uit die vuur gehaal het. Die swak optrede van 8 Leër in hierdie inisiële operasies, het so 'n optrede geregverdig. Die Britse kettingbevel was te lomp en tydverkwistend vir hierdie blitsoperasies. Die pantsermag in hierdie stryd, wat ook die beslissende faktor was, was soos twee vlotte ter see, wat 'n vaartbelynde kettingbevel met een opperbevel vereis het. 'n Militêreskaakspel met elke stoot gemik op die einddoel. Die Brit is normaal 'n dapper vegsman. Hier het sy leiers hom in die steek gelaat.

Genl Rommel, hoewel hy reeds een derde van sy tenks kwyt was, agv die vorige dag se gevegte, het soos die waaghals wat hy was besluit om die volgende môre verder noordwaarts op te ruk, om so finaal die verbindingslyn tussen Tobruck en Gazala af te sny. Presies wat hy hiermee wou bereik is moeilik te begryp. Een pantserdivisie is beveel om die opmars noordwaarts voort te sit. In die proses is 'n groepie Suid-Afrikaners van 2 SA Div, ondersteun deur 'n paar tenks van die Royal Tank Corps, oorrompel en die platorand bereik. Troepe wat 'n landing vanaf die see moes afweer, is bestook met artillerie. 'n Tweede groep Suid-Afrikaners en Britte, 140 sterk, is ook oorrompel.

Daardie aand was die situasie soos volg: Die vyand met twee verswakte pantserdivisies, 15 en 21, een op die platorand en een 10 myl wes van Acroma met min brandstof, ammunisie en voorraad. 50 Ligte divisie, 'n knap Duitse div, met twee los Duitse groepe 20 myl suid-wes van El Adem, met die Ariete, 'n Italiaanse pantserdivisie, heel in die suide, oos van 150 Brigade. Sy brandstof en ammunisie echelons by Bir El Hamat. Hierteenoor was die Britse Pantserbrigades redelik goed geplaas. 22 Pantserbrigade onmiddellik oos van die twee Duitse Divisies met 2 en 4 Britse Pantserbrigades 5 myl verder suid. 32 Leërtenkbrigade oos van 1 SA Div en 1 Leërtenkbrigade net oos van 150 Brigade.

Het 8 Leër, op die môre van 29 Mei, die geleentheid met beide hande gegryp om te verhoed dat die twee vyandelike divisies in die noorde van voorraad voorsien word, sou die verloop van gevegte heelwat anders gewees het. Alles was in die geallieerdes se guns. 1 Leërtenkbrigade met die Guardsbrigade en die artillerie en tenkafweer steun beskikbaar in die

suide was mans genoeg vir 50 Ligte Divisie en die Ariete. In die noorde moes die drie pantserbrigades met die steun van alle beskikbare veldgeskut en tenkafweer gesamentlik opgetree het om te verhoed dat die twee vyandelike pantserdivisies kontak maak met hulle voorraadechelons in die suide. Al wat nog nodig was, was die leier, met die nodige dryfkrag en leiersvermoë. Daar was Ritchie, Leërbevelvoerder, Norrie en Gott die twee korpsbevelvoerders, en tog niemand op die slagveld om die leisels vas te gryp nie, met die gevolg, dat hulle hierdie gulde geleentheid deur die vingers laat glip het.

Terwyl die vyandelike pantser op die 28ste na die noorde opgeruk het, het 22 en 4 Pantserbrigade nog hul wonde van die vorige dag gelek en min vermag. 4 Pantserbrigade was slaags met 90 Ligte Divisie en het dié vir 'n entjie gejaag en toe gaan rus. Meer kon gedoen gewees het, het hulle die aanval gekoördineer met 2 pantserbrigade. 10 Hussars van laasgenoemde brigade het weer op tradisionele wyse teen die vyandelike tenkafweer gebots en in die proses al hulle Crusader tenks, met uitsondering van 3, verloor.

Dit was as gevolg van die toestand wat ek hierbo behandel het, dat 'n versoek gerig is van Genl Rommel se Hoofkwartier, in die afwesigheid van die Generaal, aan Genl Cruwell (wat in bevel was van die magte wat teenoor die Gazalalyn gestaan het) om deur die Gazalalyn te breek en kontak te maak met die twee divisies in die noorde. Hierdie oproep om hulp het gelei tot die mislukte aanval teen my brigade op die môre van 29 Mei.

Genl Rommel self was 'n bekommerde man. Terwyl hy besig was om hom op hoogte te bring met die toestand, is sy hoofkwartier, in sy afwesigheid, oorrompel deur Britse tenks. Hy slaag egter daarin om op die derde dag weer sy pantser te konsentreer. Op die môre van 29 Mei het hy persoonlik sy voorraadechelons gelei na die twee pantserdivisies deur 'n gaping, wat hy die vorige dag waargeneem het. In hul suidwaartse beweging het 2 Pantserbrigade, wat weswaarts opgeruk het, met hierdie twee divisies gebots. 22 Pantserbrigade is aangesê om 2 Pantserbrigade te gaan help. Ongevalle onder die Britte was hoog. As gevolg van 'n stofstorm is die geveg gestaak.

Die vyand het sy magte saamgetrek in 'n depressie. Sy oostelike en westelike flank is beskerm deur mynvelde wat deur die geallieerdes gelê is om te dien as 'n basis vir 'n tweede lyn. Om hierdie laagte met effens hoëgrond noord en suid daarvan, wat die Duitse tenkafweer en pantser geweldig begunstig het, het hewige gevegte plaasgevind. Ons het daarna verwys as die Cauldron. Toe ek by geleentheid grond noordoos daarvan moes verken vir een van ons verdedigingsposte moes ek 'n pantserkar gebruik, en gedurig aan die beweeg bly, om artillerievuur vanuit hierdie oord te vermy. Alleen deur 'n beplande en gekoördineerde aanval met pantser en tenkafweer, ondersteun deur alle beskikbare artilleriegeskut in die gebied, en in samewerking met die lugmag, kon 'n aanval met sukses uitgevoer gewees het. Die Britse pantser in afsonderlike aanvalle, sonder sterk artilleriesteun, het geweldige verliese hier gely, veral as gevolg van die vyandelike tenkafweer. Die Britse bevelvoerder, wat moes gesorg het vir beplanning en koördinering daarvan was te ver weg, en moes staatmaak op onvoldoende en skewe beriggewing, terwyl Genl. Rommel op die slagveld was.

Die aanval van die vyand teen 150 Brigade, van 50 Britse Divisie, wat net wes van hierdie depressie ingegrawe was, en wat die vyand onder skoot geneem het toe dié meer weswaartse terugtrek en vir die vyand 'n ware doring in die vlees was, getuig van die huiwering, verslaendheid en gebrek aan inisiatief en leierskapvermoë aan die kant van die geallieerde generaals. Rommel het alles in die stryd gewerp om hierdie brigade te vernietig. Vir drie dae lank het die geveg gewoed. Genl Rommel het self in plekke sy soldate gelei. Sy senior stafoffisier, Genlmajoor Gause en sy operasieoffisier Lt-kol Westphal is gewond in hierdie aanval. Die brigade is eindelik oorrompel. 3 000 Manskappe is gevange geneem, 101 tenks en pantserkarre, plus 124 veldkanonne en tenkafweerkanonne is gebuit. 8 Leër het gesit en toekyk. Eers op die laaste dag is 'n powere poging aangewend om iets te doen. Van 1 SA Divisie is gevra om 'n konvooi ammunisie te stuur. Dié het in die niet verdwyn. Indiese troepe is in 'n nagaanval op 1 Junie gebruik. Dit was ook tevergeefs. Die ironie van alles: Die brigade was reeds oorrompel. En tog berig 8 Leër aan Cairo op 2 Junie dat die posisie steeds verbeter.

Op hierdie selfde dag, 2 Junie, het die vyand sy opmars met pantser noordwaarts hervat. Weereens moes 'n groep Suid-Afrikaners, van 2 SA Divisie die spit afbyt en pad gee. Hierdie keer kon hulle egter wegkom as gevolg van die knap werk van 'n Suid-Afrikaanse battery onder Majoor

Neuman. Hierdie offisier is die D.S.O. toegeken vir die knap hantering van sy battery. 4 Pantserbrigade het kom help maar verspreid, soos gewoonlik en sonder tenk en artillerie steun, is hulle nogmaals 'n lelike knou toegedien. Weer het 16 Granttenks in die slag gebly.

Op 3 en 4 Junie is die vyand met rus gelaat. Dit het hulle die geleentheid gebied om heelwat herstelwerk te doen, waarin hulle uitgeblink het. Met die verkorte verbindingslyn na die weste is die bekommernis oor voorrade ook verwyder. Daar was sprake van 'n aanval van 'n Indiese divisie langs die kus in die rigting van Timimi vanaf die Afrikaanse stellings. Let daarop noudat die pantser misluk het, word daar aan infanterie gedink. Hier sou hulle tromp-op in 'n Duitse Brigade, ondersteun deur tenks, vasgeloop het, en sou òf druipstert teruggeval het òf in die sak gegaan het. Die bevelvoerder, van 7 Pantserdivisie, Genl Messervy, van ontsnapte faam, het 'n direkte aanval teen die vyandelike mag in die Cauldron voorgestel. Dit is deur Genl Ritchie aanvaar en opgedra aan Genl Messervy en Genl Briggs, Bevelvoerder van die Indiese Divisie.

Die Indiërs het in die nag aangeval en is ondersteun deur 96 veldkanonne. Ongelukkig is die konsentrasie geplaas op grond, waar daar geen vyand was nie, hulle kon gevolglik hul doelwit bereik sonder teenstand. Met hulle verdere opmars in daglig het hulle gou teenstand teëgekom. Nadat 'n kompanie van hulle deur vyandelike tenks uitgewis is, is die origes teruggetrek. 22 Pantserbrigade, 156 tenks sterk, het met daglig aangeval. Wat kon hulle nie verrig het met die steun van die 96 kanonne wat hulle ammunisie, 'n paar uur te vore, vermors het op die kaal sanderige woestyn nie. Toe die tenks teenstand ondervind het, het hulle teruggeval. Later onder druk van 'n vyandelike teenaanval is die infanterie aan hulle eie lot oorgelaat. Hierdie vyandelike teenaanval is selfs deur hulle lugmag ondersteun. Alles is voor hulle weggevee.

Die Britte was gewoond om saans laer te trek met die pantser. Die infanterie, veldgeskut en tenkafweer is gelaat op die slagveld met die wat oorgebly het van 10 Indiese Brigade plus die veldgeskut wat hulle ondersteun het in die aanval. Die volgende dag het die vyand hulle toegespits op hierdie troepe. Sommige eenhede het op eie inisiatief die slagting ontkom. Die artillerie-eenhede het geveg tot die laaste man, 'n heroïese daad in die annale van die 'Royal Artillery', maar wat 'n onnodige verlies van lewens en wapentuig! Genl Messervy was verantwoordelik vir die terugtrek van die pantsereenhede en tog vind ons, dat die oorblywende pantser, na hierdie debakel, onder sy bevel geplaas is.

Op dieselfde dag het 13 Korps, onder Genl Gott, 'n aanval vanaf die noorde teen die Duitse stellings gemaak. Vir hierdie aanval is Brig Willison se Leërtenkbrigade, 70 tenks sterk, wat agter die Suid-Afrikaanse Divisie gelê het, gebruik. Hy is ondersteun deur net 12 kanonne waarvan 4 aan SA Div behoort het. Die tenkbrigade is swaar verliese toegedien as gevolg van 'n flankaanval. 50 uit die 70 tenks het in die slag gebly.

Hier weer: was dit 'n beplande aanval in samewerking met die pantser en wapentuig, wat in die suide verkwis is, kon iets vermag gewees het. Wat ons gesien en gehoor het van die berigte wat inkom, en die stories en vertellings in omloop soos die een van Harry Celliers, G 1 van 1 SA Divisie wat die vraag aan Genl Gott gestel het, verwysende na die vyand in die Cauldron. 'Have you any solution to the problem, Sir?', was sy antwoord 'I have none my boy', 'n Groter waarheid kon hy nie kwyt geraak het nie. Ons het teen hierdie tyd nie veel vertroue gehad in die vermoë van die Britse Bevel nie. Genl Pienaar het by een geleentheid aan my gesê, 'Om jou formasie weg te gooi blyk 'n verdienste te wees vir bevordering in die Britse magte.'

Na beide pantser en infanterie formasies op 'n streep gedurende die tydperk 1 tot 6 Junie vernietig en verstrooi is deur die vyand, grotendeels as gevolg van die lamlendige leiding en totale gebrek aan insig en noodsaaklikheid om wapens in onderlinge ondersteuning te gebruik, asook 'n gebrek aan inisiatief en taktiese vernuf, het Genl Gott besluit om die enigste ongeskonde infanterieformasie ook op te offer. Op 6 Junie ontvang ons 'n opdrag om 'n konferensie by Divisiehoofkwartier by te woon. Die Generaal, in 'n gesprek met my voor die byeenkoms van die ordergroep, waar hy 'n kort skets gegee het van die afgelope week se gebeure, was baie pessimisties oor die verloop van sake. In konferensie is ons meegedeel dat ons 'n opdrag van Korps ontvang het om 'n aanval teen die vyand, voor ons, vroeg die volgende môre van stapel te stuur. Ons moet probeer om die vyandelike stellings so ver as moontlik binne te dring. As sukses behaal word sal dit eksploiteer word.

Al drie brigadiers was van mening dat sukses alleen behaal kan word indien tenks aan ons

toegeken kan word om saam met die infanterie te opereer en om mobiele observasie vir die artillerie te verkry. Die tenks moes ook die vyandelike tenkafweer bykom en steun verleen aan tenks en infanterie op bepaalde doelwitte. Ten minste 'n kompanie tenks per brigade was nodig. Geen lugfoto's was beskikbaar nie. Op my front het ons geen idee gehad waar en hoe die vyandelike stellings geleë was nie. Die grond het ons nie die nodige observasie verleen nie. Ons het ook verduidelik dat eksploitasie nie moontlik sal wees nie, want infanterie kan nie tenks beveg nie. Ons is verwittig dat tenks nie aan ons toegestaan kan word nie. 50 van die 70 tenks, wat agter ons gelê het, is die vorige dag in 'n tenkaanval vernietig. Die terrein was oop en het geen skuiling gebied vir infanterie nie. Die vyand was goed ingegrawe. Ons moes tas in die donker. 'n Poging in daglig sou groot verliese tot gevolg hê. Wat bereik mens daardeur? Die pantsergeveg agter ons, was reeds verlore. Om enige uitwerking op die botsing agter ons te hê, moes 'n poging aangewend gewees het net na die mislukte poging teen my brigade, op 29 Mei toe die vyandelike verbinding uiters kwesbaar was. Op daardie tydstip sou ons kon steun op die slaankrag van al die artillerie agter ons en tenksteun verleen kon word. 'n Mobiele groep, met die nodige slaankrag kon konsternasie veroorsaak het in die vyandelike kommunikasie-gebied.

Daar is op 'n nagaanval sonder atillerie steun besluit. Elke brigade sou een of twee kompanies gebruik. Indien sukses behaal word sou ons dit eksploiteer. Ek is aangesê om my aanval 'n kwartier later as die van die brigade regs van my van stapel te stuur. Nadat ek die grond op die westelike oewer van die wadi voor my brigade bereik het, sou my troepe moes wag totdat die brigade regs hul doelwit bereik het voor ek verder suid-wes kon eksploiteer.

In my geval is twee kompanies gebruik, een kompanie C.T.H. links en 'n N.M.R. kompanie regs. Lt-kol Gordon le Roux van die N.M.R. sou reël vir die koördinering tussen die twee kompanies. Die eerste doelwit was die westelike oewer van die wadi voor die brigade. Die N.M.R. het hulle doelwit bereik en 3 offisiere en 16 manskappe gevange geneem. Op die linker flank het een peleton van die C.T.H. sy doelwit verbygesteek en hulle vasgeloop teen 'n sterk vyandelike stelling en hewige vuur verduur. Die orige twee peletons het by die N.M.R. aangesluit.

Regs van ons is die oorspronklike sukses van 'n kompanie van die R.D.L.I. van 3 SA Brigade gou uitgewis in 'n teenaanval van die vyand. 'n Duitse eenheid was hier in stelling. Die weerstand was hewig en verdere vordering was onmoontlik. As gevolg hiervan was die regter flank van die troepe van my brigade in die lug. Ek het my troepe opdrag gegee om die grond wat hulle het te behou. 'n Pantserkar is gestuur om hulle te kontak. Die kar is gestuit deur vyandelike tenkafweer. Die drywer het uitgekruip en skuiling onder die kar geneem. Toe alles stil was het hy in die kar gekruip en in volle vaart onder die neus van die vyand deurgeduik. Die divisie is verwittig van die toestand en is meegedeel dat ons die grond sal hou tot donker. Daardie nag is die troepe teruggetrek sonder verlies. In hierdie futiele poging is 5 manskappe gedood, een offisier en 17 manskappe gewond en 2 offisiere en 42 manskappe vermis. Dit is die eerste keer dat troepe van hierdie brigade in 'n aanval gebruik is.

Die volgende paar dae was die vyand besig om hom toe te spits op Bir Hacheim, waar die Vry Franse ingegrawe was. Hierdie vesting, so dapper verdedig, is op 9 Junie binnegedring. Twee nagte later het die helfte van die garnisoen daarin geslaag om die vesting te verlaat. Ook hier was geen poging deur 8 Leër aangewend om die Vry Franse uit hulle penarie te help nie.

Intussen is 'n reeks verdedigingsposte, wat gestrek het vanaf 69 Brigade, van 50 Divisie, in die Gazalalyn, ooswaarts tot by Acroma gestig. Die tussenruimte, tussen die poste, het gevarieer van 2 tot 3 myl. Soos reeds vermeld het ek pos B 154, in opdrag van Divisie, verken. Dit is die volgende dag beman deur troepe van die SA Divisie en is gedoop Williamspost. Drie dae later het Lt kol Bester met 'n gemengde groep van my brigade, Eluet El Tamar, 2 myl oos van Pt. 154 by die Britte oorgeneem. Hierdie stelling is met draad en myne versterk. Die manne was goed ingegrawe. Die pos is na sy bevelvoerder Best's Post vernoem.

Na die val van Bir Hacheim het Genl Rommel weer sy aandag aan die noorde gewy. Hierdie keer om finaal die Gazalavesting af te sny en te vernietig. Die lyn van verdedigingsposte was al hindernis wat daar tussen hom en die platorand was. Hoewel hierdie poste nie sterk genoeg was om 'n gedetermineerde pantseraanval af te weer nie, het dit wel pantser, reg gebruik, die geleentheid gegee om so 'n aanval die hoof te bied.

Met Rommel se hernude opmars het 21 Pantserdivisie geopereer in die rigting van die

lyn van verdedigingsposte, wes van Acroma terwyl 15 Pantserdivisie, bygestaan deur twee ligte divisies, noord-oos opgeruk het na El Adem. Messervy, 'n oud kavalleris, het ander idees gehad wat betref die gebruik van pantser, soos kavallerie gebruik was in sy Luitenants-dae. Hy wou in die oop woestyn wees sodat hy die suidelike flank van die vyand kon molesteer. Hy kon nie die slaankrag van sy pantser reg evalueer nie. Ook totaal vergeet dat daar nog twee infanteriedivisies, min een brigade, in die Gazalavesting ingegrawe was. Of het hy, in sy eie opvatting van die situasie, hul reeds afgeskrywe? Hy het die Bevelvoerders van 2 en 4 Pantserbrigades, in die Knightsbridge omgewing, gaan spreek en voor sy vertrek opdrag gegee dat hulle, hulle gereed moet hou om terug te val na El Gubi, waar die Suid-Afrikaners met die vyand kontak gemaak het gedurende November, die vorige jaar. Op pad na Hoofkwartier van 8 Leër, om goedkeuring te kry vir sy plan, het hy hom vasgeloop teen die vyand en moes hy 'n ompad volg. Op hierdie kritieke tydstip was hy uit voeling met sy eie hoofkwartier.

Genl Norrie, van 30 Korps, het besef dat Genl Rommel sy pantser verdeel het en dit beskou as 'n gulde geleentheid om die vyandelike pantser stuksgewys aan te durf. Toe hy Genl Messervy nie per radio kon kontak nie het hy 2 en 4 Pantserbrigade onder Genl Lumsden geplaas en hom opdrag gegee om 15 Pantserdivisie aan te val en vernietig. Die Britte was baie onverskillig in hulle radio gesprekke. Hoe dit ook al sy, Rommel moes iets te wete gekom het van die Britse plan en het onmiddellik opdrag gegee aan 21 Pantserdivisie om 2 en 4 Pantserbrigades, vermoedelik rustig wagtende op verdere bevele, in die flank aan te val. Hierdie verrassingsaanval het konsternasie verwek in Britse geledere. Genl Lumsden het 22 Britse Pantserbrigade, wat sorteer onder sy bevel, opdrag gegee om 2 en 4 Pantserbrigades te gaan help. Ook hierdie pantserbrigade het groot verliese in die proses gely. Hierdie vyandelike aanval was beslissend. Die Britse pantser is so verniel dat dit lank sou duur voordat hulle van hierdie terugslag sou herstel en vertroue in hul eie vermoë sou herwin. Dit het alles op 12 Junie gebeur.

Op 13 Junie is ons aangesê om te vergader by Divisiehoofkwartier. Hier het ons 'n moontlike terugtog bespreek. Die taktiese prent was baie vaag hoewel ons onder die indruk gelaat was dat die verloop van die gevegte nie in ons guns was nie. Die volgende môre was ons terug. Daardie môre kry ons opdrag om die Gazalalyn te ontruim. Die taak om die agterhoede, wat sou bestaan uit elemente van die drie brigades, aan te voer was aan my opgedra. Was ek maar die vorige dag gewaarsku sou ek 'n vlugtige verkenning van die nuwe pas, waarvan ek nog net gehoor het, en die paaie na Mrassus en die mynvelde daar verken het.

In vloeibare toestande is dit uiters moeilik vir 'n Hoofkwartier, wat ver terug is, om 'n werklike taktiese prent op 'n gegewe moment te hê. Inligting wat instroom is dikwels verouderd, meermale bied dit maar 'n skewe beeld van wat werklik gebeur het. Boonop was dit ook maar moeilik om terrein te lees vanaf die beskikbare woestynkaart. Die natuurwegwysers, wat op 'n normale kaart voorkom, is hier totaal afwesig. Die offisier voor, is dus genoodsaak om staat te maak op sy vermoë om grond te lees, op eie inisiatief en gesonde verstand sowel as plaaslike kennis opgedoen.

'n Belangrike faktor, wat bygedra het tot die verliese ons toegedien die afgelope weke, moet toegeskryf word aan die feit dat Genl Auchenleck, wat 'n bekwame leier was, ver te ver teruggesit het om enige belangrike invloed te kon uitoefen op die verloop van die veldtog. Hy was nie instaat om vas te stel of sy opdragte uitgevoer is nie. Meermale was die prent hom voorgelê alles behalwe die werklikheid. Hy moes vroeër tot die besef gekom het dat Genl Ritchie, die Leërbevelvoerder, nie opgewasse vir die taak was nie. Genl Rommel was dikwels aan die voorpunt van sy aanvalsmagte. Hy het presies geweet wat gaande was en derhalwe kon hy onmiddellik optree as dinge verkeerd loop, wat ook dikwels gebeur het. Wanneer die geleentheid hom gebied was om die vyand op die verkeerde voet te vang het hy dit met beide hande gegryp, soos wat gebeur het op 12 Junie.

Voor was daar beslis 'n gebrek aan inisiatief aan die kant van die Bevel van 8 Leër en sy Korpsbevelvoerders. Dit geld ook tot 'n groot mate vir die aanvoerders van pantserformasies. Die Duitse Pantserdivisie het geveg as 'n divisie, die Britte met los brigades. Dit was reeds in 'n vroeë stadium van die operasies duidelik hoe die vyand sy tenk, tenkafweer en veldgeskut, selfs infanterie, saam gebruik, in die verdediging òf aanval. Vir die Brit was dit net nie moontlik om 'n teenvoeter daarvoor te bied nie, hoewel hy beskik het oor dieselfde wapens, wat ewe doeltreffend was, indien nie méér nie, soos in die geval van die 25 Pdr kanon, wat dié van die vyand ver oortref het, beide in getalle en in effek.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die Brit wou nie sy taktiek wysig om aan te pas by omstandighede nie.

Samewerking en koördinasie met ander wapens het net nie bestaan nie. Veral die pantsereenhede was hier die groot sondaars. Die kavallerietradisie het by hulle voortgeleef en die het hulle so dikwels 'n bloedneus laat opdoen dat hulle, selfs in die later stadium van die operasies begin kopsku raak het. Van vuurkonsentrasies het hulle 'n swak benul gehad. Van lugwaarneming was daar geen sprake nie, selfs samewerking met grondmagte het eers teen die einde van die veldtog sy verskyning gemaak.

Was die Britse pantsereenhede beman deur artilleriste, wat meer wetenskaplik aangelê was, sou dit 'n perd van 'n ander kleur gewees het. Hulle was die enigste vertakking van die Britse Leër wat geweet het hoe om 'n kanon te gebruik. Na alles is 'n tenk niks anders nie as 'n selfaangedrewe kanon met 'n pantserdop. Hierdie pantserbeskerming, en die feit dat die tenk selfaangedrewe is, stel die bevelvoerder van die wapen instaat om, of op sy eie, òf in 'n span, meer aggressief op te tree. Dit is 'n beweegbare kanon, wat ewe gemaklik teen infanterie, pantser en die kanon of tenkafweerwapen gebruik kan word. 'n Gedugte wapen wat in 'n konvensionele oorlog, in die hande van 'n goeie leier, in kombinasie met ander wapens en vernuftige grondgebruik, nog die deurslaggewende wapen van die slagveld is. Dit moet instaat wees om as 'n eenheid met een tenk in observasie, soos 'n artillerie groep, gebruik te kan word om indirekte vuur en konsentrasie op 'n bepaalde punt te kan rig. Die artilleris, as gevolg van die spesiale opleiding, wat hy ontvang het, het 'n beter begrip van hoe om grond, tot die maksimum voordeel van homself te gebruik.

Ten spyte van die beter verbinding, waaroor die troepe in die veld beskik het, is dikwels swak gebruik daarvan gemaak. Hoe dikwels het senior bevelvoerders van hulle hoofkwartier, gedurende kritieke stadiums van die operasies, beweeg sonder om voorsorg te tref dat hulle in verbinding bly met hulle eie hoofkwartier. 'n Gebrek aan voorsorg om onderlinge verbinding tussen formasies en verkenningseenhede te handhaaf het gelei tot groot en onnodige verliese. Die vyand het beskik oor 'n knap inluisterdiens. Ten spyte hiervan is belangrike boodskappe, of opdragte dikwels in gewone taal oor die radio gestuur waarop die vyand onmiddellik reageer het.

In Oos-Afrika kon ek dit begryp, maar hier in die woestyn met sy gebrek aan hoë grond, of grond vanwaar waarneming gedoen kan word, (iets wat normaal voorkom in gewone terrein), was ek verstom dat daar geen samewerking tussen lug en artillerie was nie, nog minder met formasies op die grond. In my opleiding met die Britte, gedurende die twee jaar wat ek daar was, het ek dit nooit gesien gebruik nie. Tuis by ons was dit 'n integrale deel van ons opleiding. Dit het tot niet geraak na die uitbreek van die oorlog toe ons lugmag op 'n skinkbord aan die Britte oorhandig is om te gebruik soos hulle goeddink.

## Hoofstuk 9


### Terugtog uit Gazala (sien skets 7)

Dit was 'n Sondagmôre toe ons die opdrag om terug te val, ontvang. Ek moes haastig handel, want ek moes reëlings tref vir die ontruiming van my eie brigade, 'n ordergroep belê vir die bevelvoerders van die drie agterhoedes van die drie brigades, sodat die nodige bevele almal betyds kon bereik. Dit was uiters belangrik dat almal op hoogte moes wees van wat gaande was, om die hele operasie vlot te laat verloop. Oponthoud sou lei tot groot verliese aan personeel en uitrusting. Die Generaal het my ook beveel om te reël vir die ontruiming van Williamspost by Pt. 154 en Bespos by El Tamar, wat beman is deur troepe van sy eie brigade, etlike myle oos van my brigade. Hierdie vestings moes nog daardie dag 'n belangrike rol vervul om te verhinder dat die vyand goedsmoeds in ons linker flank inseil.

Ek het skaars by my hoofkwartier aangeland toe ek n telefoonoproep van kol Cilliers, G 1 van Divisie, ontvang wat my verwittig dat Korps (Genl Gott) opdrag gegee het dat die stelling voor tot dagbreek verdedig moet word. Dit wil voorkom asof Genl Gott vasbeslote was om so veel van hierdie divisie weg te smyt as wat hy kon. Vir my was dit nie alleen 'n sinnelose opdrag nie maar ook belaglik. Die vyand was reeds in besit van die terrein suid-oos van ons. Oos van ons was die platorand met drie smal passe. Hierdie passe was die enigste paaie wat ons in staat sou stel om die kusgebied, noord van die platorand, te bereik. Dir gee toegang tot die teerpad langs die kus van Tobruck. Sou die vyand daarin slaag om Acroma te oorrompel, of 'n deurgang wes daarvan te bewerkstellig, sou hulle ook hierdie laaste ontsnaproete afsny.

Ek het na ontvangs van die opdrag, onmiddellik my misnoeë te kenne gegee en gevra watter

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




**Terugtog uit Gazala 14 — 15 Junie 1942.**

opdrag 50 Divisie, suid van ons, en van wie een brigade reeds oorrompel is, ontvang het. Sy antwoord aan my was: 'They have a free hand from 1800 hours tonight!' Ek het as volg geantwoord. 'Gee Korps my komplimente en sê aan hulle ek wil ook toegelaat wees om my eie reëlings, na goeddunke, te tref na sononder. Ek bly nie hier tot dagbreek nie!' 'n Rukkie later bel Celliers my en verwittig my dat Korps sy opdrag gewysig het. Daar is egter een voorwaarde. Ek moet die voorste stellings beman tot middernag. Hierteen het ek geen beswaar gehad nie. Ek het besef dat dit moeilik sou wees om die drie brigades, veral die twee in die noorde, my brigade en die van Bobby Palmer, voor middernag van die passe af te hê. Ek kon, in alle geval, alleen in die donker in die stellings stelselmatig ontruim om op pad te wees op die gegewe tyd. My doelwit was om met dagbreek op die gelykte onder die platorand te wees.

Ek het 'n versoek gerig aan Divisie om te reël met Korps om sy linkerflank, dws die suidelike, te beskerm met tenks tot om 0800 uur die volgende môre. Kol Celliers het hom die versekering gegee dat Korps opdrag gegee het dat dit wel gedoen sal word. Ek was bevrees dat vyandelike pantser die noordelike hange van die platorand onmiddellik wes van Acroma, sal oorsteek en my ontvlugroete na Tobruck afsny. Indien ek nie hierdie versekering ontvang het nie sou ek van my veldgeskut en tenkafweer op die hakke van my brigade laat volg het met opdrag om stelling in te neem agter die Mrassus mynveld. Dit sou 'n mate van beskerming daar gebied het.

Alles het redelik vlot daardie Sondag verloop. Divisietroepe het reeds die Sondagmôre begin vertrek en alle los elemente in die brigades het hulle gevolg. Dit kan van die Afrikaner gesê word, hy laat nie op hom wag as hy eers opdrag gekry het om pad te gee nie. Daarna maak hy staat op eie inisiatief. 1 SA Brigade, wat in stellings was suid van my brigade, het reeds daardie middag begin uitdun en moes as gevolg daarvan 'n hele paar lugaanvalle verduur.



**Genl du Toit tydens die terugtog uit Gazala Junie 1942.**

Die geweldige hoeveelheid voertuie op pad, ooswaarts, was vir die vyand genoeg aanduiding wat aan die gang was. Genl Rommel het dan ook onmiddellik reageer. Hy het beide 15 en 21 Pantserdivisie gebruik om die nuwe verdedigingslyn, wat gestrek het vanaf 69 Brigade tot by Acroma te probeer deurdring om die Afrikaners af te sny. Hier het 'n geweldige stryd gewoed die heel dag deur. Brit en Afrikaner het hier gegee soveel as wat hulle ontvang het. Beide die Royal Artillery en die Suid-Afrikaanse Artillerie het hulle ou tradisie gehandhaaf. Eers na 1700 uur, daardie middag, slaag die vyand daarin om Pt 187, die verdedigingspos beman deur die Worcesterbataljon, net oos van El Tamar, waar 'n saamgestelde bataljon van die N.M.R. en C.T.H. en die Velddiensbataljon onder Lt Kol Bester van my brigade was, te oorrompel. Divisiehoofkwartier het opgepak en ek het geen taktiese rapporte daardie dag ontvang nie. Ek het eers later hiervan gehoor. Gelukkig vir die Suid-Afrikaners het die vyand nie onmiddellik hierdie sukses opgevolg en daardie nag deurgedruk om die pad onder die platorand te beset nie. Ons was ook gelukkig deurdat die grootste gedeelte van die vyandelike lugmag daardie dag besig was om te probeer verhoed dat 'n geallieerde konvooi Malta bereik. Ons eie lugmag was ook elders behulpsaam ter see.

Deurdat die drie brigades elk eèn derde van die agterhoede verskaf het en toegewys was aan die

pad wat die brigade gebruik het moes ek offisiere aanvoer van wie ek min geweet het en selfs nie geken het nie. Vir 'n agterhoede-operasie is dit nodig om nugterdenkende offisiere te hê, met baie inisiatief, ondervinding en wat onmiddellik 'n situasie kan snap. In hierdie opsig was ek tot 'n mate ongelukkig.

My plan was, kortliks, om met daglig onder die platorand te wees, sodat die passe nog voor dagbreek opgeblaas kon word en sodra die pylvlak bereik is daarvandaan vinnig te kan terugval tot agter die Mrassusmynveld, wat ek verseker was in die hande van 2 SA Divisie sou wees. Dit sou my, volgens my berekening, op redelike veilige terrein bring. Vir die terugtog was die passe as volg toegeken: Die Agheilapas, heel oos, aan Furstenburg se brigade, Billspas, die nuwe in die middel, aan my brigade, en die pas heel wes, bekend as Sepentinepas, aan Bobby Palmers se brigade. Ek het aan die Militêrepolisie opdrag gegee om die pad na Billspas te merk, daar hierdie pas vir my brigade heeltemal onbekend was.

Ek het my hoofkwartier net na donker verlaat en, begelei deur 'n lid van my provost, Billspas bereik sonder voorval. Hier sou ek bly totdat Kaptein Plater van die C.T.H., wat in bevel was van sy eie afdeling van die agterhoede, by my aanmeld. Van hier af was ek in verbinding met my eie brigade, en was dus op hoogte van sake hoe hulle vorder, ook met die bevelvoerders van die drie afdelings van die agterhoede. Afgesien van die reëlings vir die agterhoede was ek ook verantwoordelik vir die opruiming van Williams-pos en Bespos. My opdrag aan hulle was om die troepe te onttrek sodra dit donker is, die Agheilapas te gebruik en te sorg dat hulle Tobruck bereik so gou as moontlik. Om seker te maak, dat my boodskap hulle bereik, het ek 'n verbindingsoffisier, reeds daardie middag, na hulle gestuur.

My eie brigade, gelei deur die bevelvoeder van die N.M.R. Lt-kol le Roux, het as gevolg van die swak manier waarop die pad gemerk was, die afdraaipad verbygesteek en byna verdwaal. Toe ek besef wat gebeur het, het ek hulle gekontak per radio en gesê hulle moet uitkyk vir my karligte. Ek het my kar op 'n hoëpunt getrek en my hoofligte aan en af geskakel. Nie lank daarna nie het die eerste voertuig sy verskyning gemaak. Omstreeks 0515 uur is die laaste voertuig die berg af.

Die agterhoede van 1 SA Brigade het hulle stellings om 2130 uur ontruim en sonder voorval die Agheilapas bereik. Nadat ek berig ontvang het dat voorbereiding vir die versperring van die pas voltooi is, het ek toestemming daartoe verleen sodra al die voertuie deur is. Ek is verder meegedeel dat die bemannings van Williams en Bespos reeds verby is. Hierdie opdrag is egter eers om 0900 uur uitgevoer. Voertuie van 50 Divisie het onverwags daar opgedaag en die vertraging veroorsaak. Die agterhoede van 3 SA Brigade is ook vertraag deur die hoofmag van die Brigade. Om 0500 uur, nadat ek berig ontvang het dat hulle gereed was om Serpentinespas te versper het ek die nodige opdrag daartoe gegee.

Die agterhoede van my brigade het kort op die hakke van die hoofmag gevolg. Eers om 0545 uur kon ek Kaptein Plater persoonlik instruksies gee om te reël dat, sodra my laaste voertuig deur is, die pas vernietig word. Verder moes ek sorg dat my troepe die eerste aangewese lyn bereik so gou as moontlik. Gedurende die nag het ek 'n boodskap ontvang van Genl Pienaar, waarin ek gevra is om ontbyt met die Generaal te nuttig om 0800 uur. Ek het hom verwittig dat ek eers twee uur later daar sal arriveer. Dan Pienaar was vermoedelik nie op daardie oomblik bewus, net soos ons, van Rommel se deurbraak laat daardie middag wes van Acroma nie, anders sou hy my gewaarsku het.

Na my opdrag aan Plater is ek die berg af. Dit het begin dag word. Ek is by Gazala oor die vliegveld reguit na die teerpad en daarna op hoëspoed na Mrassus, die volgende plek waar ek my hoofkwartier sou opstel. Ek was op daardie tydstip nog tevrede met die verloop van sake. Ek was nie juis verontrus oor my suidelike flank nie, want Korps het, volgens Celliers, belowe om na my linkerflank te kyk tot om 0800 uur en dit was nog vroeg. Gedurende my rit na Mrassus het ek wel tenks langs die noordelike hange van die platorand wes van Acroma gesien. Ek het aanvaar dat dit tenks was wat 'n ogie hou oor ons suidelike flank. Lt Kol Jenkins, Bevelvoeder van die Pantserkarregiment, wat my vergesel het, sou my wel op hoogte hou van die situasie. By ons aankoms by Mrassus was die teerpad onder artillerievuur. Dit het my nie ontstel nie, want as artilleris, het ek geweet dat die vyandelike artillerie maklik die pad kan bestryk met vuur sonder om observasie daaroor te hê.

Ek het links langs die mynveld afgedraai en, na so 'n halfmyl by 'n gemerkte gaping in die mynveld aangekom. Die was ook onder artillerievuur. Ek het die val van skote vir 'n ruk dopgehou en toe deurgery. My staf, wat my

gevolg het, het ook ongedeerd deurgekom. Ek het my hoofkwartier opgestel by 'n ou murasie net oos van die gaping in die mynveld. Daar was 'n paar ou loopgrawe, vermoedelik deur die Italianers gegrawe gedurende die beleg van Tobruck. Kort na my aankoms het die agterhoede van Palmer se brigade my laat weet dat die Botha Regiment, wat in stellings was langs die kus, veilig deur is. Hierdie regiment is 'n rukkie later by my verby. Op hierdie tydstip het ek nog geen berigte van Plater van 2 SA Brigade of McGillivrey, Bevelvoerder van die agterhoede van 1 SA Brigade, ontvang nie. Volgens my berekening moes beide van hulle reeds op die eerste aangewese lyn aangekom het. Ek het verwag om enige oomblik van hulle te hoor. Ek kon nie begryp waarom die agterhoede van 1 SA Brigade nog nie gerapporteer het nie, want hulle het my opdrag om Agheilapas te vernietig reeds om 0500 ontvang. Ons het 'n stukkie ontbyt geniet. Dit was welkom, daar ons sedert die vorige middag niks oor die lippe gehad het nie en die heel nag op ons voete was. Ons het nog gesit en gesels toe twee kanonkartetse, een kort, een oor, ons ewe skielik verras. Uit ervaring het dit vir my net een ding beteken nl. dat ons onder observasie was en dat 'n troep of 'n battery besig was om op ons af te skiet. Ek het my staf beveel om onmiddellik skuiling te soek. Ook net betyds. Die volgende oomblik toe bars die eerste sarsie skote om ons. Hier was bepaald iets verkeerd. Hoe is dit moontlik? Die antwoord was op hande.

Met ons aankoms het ek verwag om troepe van 2 SA Divisie in Tobruck, hier te ontmoet. Ek was angstig om 'n taktiese prent te bekom, want ons was van Sondag af uit voeling met wat om ons gebeur het. Eers heel later moes ek verneem dat die troepe wat hier in stelling moes gewees het, reeds vroeg daardie môre vertrek het. Op daardie oomblik oorhandig Jenkins 'n boodskap aan my, afkomstig van een van sy pantserkarre, waarin ek aangeraai word om onmiddellik pad te gee, daar vyandelike tenks in besit was van die hoëgrond agter my. 'n Mens voel maar taamlik weerloos as jy oor niks beskik om weerstand te bied nie. Nog erger, ek het pas tevore my inligtingsoffisier, Kaptein Kemp, met sy kar gestuur na Lt Kol le Roux met 'n opdrag om my brigade deur Tobruck te bespoedig.

Padgee onmiddellik kon ek nie, want ek was nog verantwoordelik vir die veiligheid van my agterhoede. Ek het dadelik, per radio, kontak gemaak met die drie afdelings van die agterhoede, hulle verwittig van die toestand van sake en opdrag gegee dat hulle met die hoogste moontlik spoed moet terugval na Tobruck. Ek het aanbeveel dat hulle die strook tussen die teerpad en die see moet gebruik en die mees noordelike deurgang deur die mynveld. Dit was, volgens my mening, die enigste pad wat nog oop was. Ek het my verbindingsoffisier persoonlik beveel om te kyk of hy die groepe kan kontak om seker te maak dat hulle die dringendheid van spoed betref. Hy was nog vol vertroue dat hy daarin sal slaag om die groepe verby die vyandelike gevaar te kry. Hy was ook oortuig dat hulle kort agter hom was. Ek was natuurlik op daardie tydstip onbewus van wat gebeur het vandat ek Plater verlaat het. Hiervan vertel ek later.

Ek het besluit om my hoofkwartier te verskuif na die hoëgrond verder noord, langs die kus. Daarvandaan kon hulle Tobruck met 'n omweg bereik. Al kar, wat hul tot hul beskikking gehad het was dié van Majoor Pocock, sy brigademajoor. Lt Kol Jenkins het 'n pantserkar aanbeveel maar die was te ongerieflik. Ek het besluit om by Pocock in te druk. Ons was skaars op pad toe 'n eskader vegvliegtuie van die vyand op ons toesak. Ons moes maar uitspring en skuiling soek, want die vyand was besig om af te duik op elke voertuig in sig. Gelukkig was daar heelwat teikens om na te skiet. Dit was maar kaal, die enkel bossie, ses duim hoog, hoewel dit nie juis veel skuiling verskaf het nie, het dit darem getroos. Ek was egter gelukkig. Na ek 'n paar keer hierdie kant toe, en daardie kant toe, pad gegee het, sien ek twee koppe bo die grond uitsteek. Waar daar twee is kon 'n derde ook mos inpas! Hulle skuif opsy en ek glip in. Hierna kon ek ewe rustig sit en lag vir die manewales van my brigademajoor en seinoffisier, wat nou hier, nou daardie kant toe pad gee om die aanvalle te vermy. Gelukkig het die vyand se ammunisie opgeraak sonder om ons eie groepie enige skade aan te doen, hoewel 'n hele paar van die voertuie in die slag gebly het. My mauser was in my kar met Kemp. Ek het nie eers die satisfaksie gehad om 'n paar skote te mik na hierdie laagvliegende vyand nie. Met die vertrek van die vyand kyk ek om vas te stel wie my twee metgeselle is. Hier bevind ek my saam met twee mede-Bolanders. Die een kleurling sê toe ewe ongeërg: 'Ons is bly ons kon vir die brigadier ook darem 'n plekkie maak'. Min het hy geweet hoe bly ek was om daardie plekkie te kry!

Ons het ons tog voortgesit en stilgehou op die hoëgrond naby die see om die toestand te herwaardeer en probeer kontak maak met die drie groepe van die agterhoede. Hierin het ons nie geslaag nie. Volgens waarneming het hope

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

voertuie ooswaarts gestroom in die rigting van Tobruck. 'n Groepie voertuie was sigbaar aan die westelike kant van die mynveld, regoor die noordelike opening. Ek was in die donker wat betref die beweging van die vyand en sy onmiddellike planne. Gaan die vyand 'n poging aanwend om te verhoed dat hierdie talle voertuie die ingang van Tobruck bereik of gaan hy die stroom oos van Tobruck afsny? Hoe en waar gaan 8 Leër die vyand probeer stuit. Al data waaroor ek beskik was dat 1 SA Divisie sou versamel op die Egiptiese grens.

Ek was angstig om die Bevelvoerders van die drie vertakkings van die agterhoede te kontak en om vas te stel wat aan die gang is by die ingang tot Tobruck. Ek wou ook al die elemente bymekaar kry en 'n rendezvous bepaal oos van Tobruck, vanwaar ons die terugtog die volgende dag kon voortsit. Ek was nie van plan om in Tobruck te vertoef nie. Die taktiese toestand was te onseker. Ons is daarvandaan ooswaarts in die rigting van Tobruck. Ons het weer 'n poging aangewend om kontak te maak met die agterhoede maar niks bereik nie. Eers na ons die oostelike hange van die hoëgrond, wes van Tobruck, bereik het kon ons afkyk op die geweldige sametrekking en ophoping van voertuie voor die ingang tot Tobruck. So iets moes die vyand ook vermoed het, want sy bomwerpers was so af en toe daar om dit onaangenaam te maak vir die wagtendes. Dit was duidelik dat die mense in die vesting hulle nie hieroor bekommer het nie. Ek sou later die oorsaak vasstel.

Ons het geweet dat dit die plan was om Tobruck te ontruim, sou ons nie daarin slaag om die Gazalavesting te behou nie. Vermoedelik was die troepe in die Tobruckvesting besig met hulle eie bekommernisse. Hulle het kennis gedra van wat om hulle gebeur het. Het hulle 'n volle prent gehad van wat gebeur het met 150 Brigade en met die Vry Franse by Bir Hacheim sou hierdie las baie swaarder gewees het. Die vesting se omvang was groot, sowat 20 myl. Die mynvelde was in 'n benarde toestand. Baie van die myne is opgetel om voor te gebruik. Tenkafweerkanonne was min, so ook veldkanonne. Heelwat verliese is gely met die gevegte wes van Acroma. Die moraal van die Britse Pantserkorps was laag. Die garnisoen het bestaan uit twee Suid-Afrikaanse Brigades 4 en 6 en een Indiese Brigade onder Genl Klopper, Bevelvoerder van 2 SA Divisie. Om hierdie vesting te probeer hou onder die heersende omstandighede sou onverantwoordelik en 'n dom besluit wees. Geen enkele sektor van hierdie vesting se verdediging kon vergelyk word met die van die Vry Franse, by Bir Hacheim, of selfs die van 150 Brigade nie. Altwee van hierdie brigades is oorrompel in 'n gedetermineerde aanval ten aanskou van die Britse Pantser, toe dié nog 'n faktor was om rekening mee te hou.

Te midde van die wedervarings van die dag was daar af en toe ook geleenthede om lekker te lag. Sielkundiges sê mos dit is die beste uitlaatklep vir spanning. Sekerlik goedkoper as die gebruik van pille, waarop die mens so graag terugval. By een geleentheid het die aantog van vyandelike bomwerpers ons nie aangestaan nie. Elkeen het besluit om vir hom 'n skuilplekkie te gaan soek ingeval die ergste sou gebeur. Die seinoffisier, wie se voete so seer was dat hy skaars kon loop, het besluit om by sy kar te bly en daar maar rustig die ergste af te wag. Toe die gevaar dreig om werklikheid te word, het sy moed hom begewe. Die volgende oomblik sien ons hom in volle vaart, soos 'n wafferse Springbok vleuel, op 'n alleenstaande bos afpeil. Met sy arms wydgestrek rond hy hierdie pragloop af met 'n swierige duik. Met die dreigement van gevaar weg het ons uit ons skuilings opgestaan. Die seiner het egter bly lê. 'n Gekreun uit die rigting van die bos het ons laat naderstaan. Hy het rede gehad om te kreun. Die struik, enig van sy soort in daardie skurwe en rotsagtige rant, was 'n sierlike doringbos! Hoewel ons vir ons kameraad baie jammer gevoel het en gehelp het om die dorings te verwyder, het hierdie toneeltjie baie bygedra om die spanning, na die dag se gebeure, te verlig.

Maar laat ek eers terugkeer na waar ek Plater daardie môre op die berg sy laaste instruksies gegee het. Hierdie verloop van gebeure kon ek eers later vasstel na 'n onderhoud met Plater en die evaringe van ander. Nadat McGillivrey, Bevelvoerder van 1 SA Brigade, opdrag ontvang het om Agheilapas te versper, omstreeks 0500 uur, kon hy die opdrag nie onmiddellik uitvoer nie. Voertuie van 50 Britse Divisie, wat opdrag ontvang het om voor deur die vyandelike linies te breek en dan suid om Bir Hacheim te beweeg en dan ooswaarts terug te val, het onverwags by die pas opgedaag. Baie kon nie die Britse opdrag uitvoer nie en het teruggeval na Agheila en Billspas. As gevolg van hierdie oponthoud is hierdie pas eers om 0900 uur vernietig. Die laaste voertuig, wat sy opwagting daar gemaak het, het behoort aan 'n tenkafweer troep, wat in Tamarvesting was. Die vorige middag se opdrag om daardie nag die vesting te ontruim het hulle

nie ontvang nie. Met dagbreek het hulle vyandelike gaste op 'n afstand gewaar, vinnig gepak en vertrek. Die vyand het hulle nie molesteer nie. McGillivrey, 'n offisier wat heelwat ondervinding opgedoen het in die mobiele operasies van die vorige jaar, het na ontvangs van my opdrag, gehandel soos van hom verwag was. Tobruck was sy doelwit. Ten spyte van die artillerievuur het hy sy afdeling veilig deur een van die openinge in die Mrassusmynveld gelei.

Kaptein Plater was minder gelukkig. Na my vertrek het 'n groot groep voertuie van 50 Divisie, gelei deur Suid-Afrikaanse pantserkarre, wat saam met hierdie formasie geopereer het, by die pas opgedaag. Plater het probeer om met my in verbinding te tree. Daar ek op daardie tydstip onder die berg was, was radioverbinding nie moontlik nie. Plater moes die pas aan hulle oorhandig het en verkas het. Hy besluit om hulle eers deur te laat. As gevolg van hierdie vertraging kon hy eers sy taak om 1030 uur voltooi. 'n Paar myl wes van die Mrassusmynveld is hulle tot stilstand gebring deur voertuie van 50 Divisie, wat deur vyandelike infanterie, bygestaan deur 5 tenks en 'n gebuite 25 Pdr, verhinder was om die Wadi Es Suniat, wes van die mynveld, oor te steek. Dit is moeilik om te sê wanneer hierdie vyandelike mag hier geïnfiltreer het. Moontlik was dit die tenks wat ek die môre vroeg teen die hange, wes van Acroma, gesien het. Die sandpad, wat die wadi kruis en waar die vyand stelling ingeneem het, was sowat drie en 'n half myl noord van die teerpad.

Ongelukkig het die twee groepe, die van 2 en 3 Brigades, nog nie tevore ondervinding opgedoen van mobiele operasies in die woestyn nie. Die van 3 Brigade was aangevoer deur 'n offisier wat pas uit die Unie aangekom het. Hy was te onervare vir die taak wat aan hom opgelê is, afgesien van die feit dat hy geen idee gehad het van kondisies onder mobiele omstandighede nie. So 'n aanstelling was nie billik teenoor die manskappe onder sy bevel nie. Hy beweer hy het nie my opdrag ontvang nie. Eers om 1100 uur, nadat 'n pantserkaroffisier hom 'n afskrif van die opdrag getoon het, het hy beweeg. Hy was aangeraai om spore te maak vir Tobruck net na die Botharegiment by hom verby is. Dit is 'n jammerte van hierdie vertraging, want ek kon maklik verby gekom het. Net na 1200 uur het hy 50 Divisie voertuie teëgekom. Hy het aangesluit by Plater se afdeling en die twee saam het 'n soort van vierkant gevorm. Ek begryp nie waarom hulle nie my seine opgetel het nie. Kontak op daardie tydstip sou my in die prent geplaas het en kon ek verder aksie geneem het.

Hierdie twee offisiere het gefaal deur passief te bly. Hulle het oor pantserkarre beskik en het radioverbinding gehad. Hulle eerste taak was om kontak te maak met die bevelvoerder van die troepe voor hulle, om so op hoogte te kom met die toestand. Hulle het beskik oor tenkafweer en veldgeskut. Hoewel die wadi tot 'n mate skuiling vir die vyandelike infanterie gebied het moes hulle besef het dat die vyand nie tyd gehad het om in te grawe nie. Hulle moes voor gaan verken het. Lt Kol Percy van die Burham Light Infantry, van 50 Divisie, het die posisie reg opgesom. Hy het begin om 'n taakmag saam te stel om 'n deurgang te bewerkstellig. Hier kon hulle vir hom van veel hulp gewees het. Britse infanterie met bren carriers (masjiengeweerdraers) en 'n paar Suid-Afrikaanse pantserkarre het 'n kompanie van die vyand aangeval en uitgedelg. Die tenks en 25 Pdr, was nog 'n doring in hulle sy. 'n Britse tenkafweerkanon (die bemanning moes puik gewees het), het nie alleen die 25 Pdr kanon buite aksie gestel nie maar ook drie van die tenks. Nog vyandelike infanterie, wat geskuil het in Arabier hutte, is deur Suid-Afrikaanse pantserkarre uitgewis. Lt Kol Percy se taakmag was instaat om, omstreeks 1500 uur, deur te breek. Hulle is gevolg deur die Troepbevelvoerder van die artillerie, wat met 3 SA Brigade was. Hy sou vermoedelik die res gelei het. 7 SA Veldbattery het die Britte gevolg en stelling ingeneem oos van die Mrassusmynveld. Hiervandaan het hulle die orige twee tenks buite aksie gestel. Die troepe wes van die wadi kon ook gesteun het op hulle vuur. Hier was 'n pragtige geleentheid vir die twee Suid-Afrikaanse groepe om deur te glip.

Majoor Torr van 3 Pantserkarregiment was in kontak met Lt Kol Percy. Die karre was beskikbaar maar die Bevelvoerder van 3 Brigadegroep wou dit nie waag nie. Hy wou wag tot donker en het so die geleentheid uit sy hande laat glip. Laat daardie middag was Plater met my in radioverbinding. Hy het my laat weet dat hulle vasgekeer is. Sy plan was om sy uitrusting te vernietig en om in die donker te probeer deurkom. Hy en 'n paar manskappe het wel daarin geslaag. Toe dit vir my duidelik was dat ek niks meer kon doen het ek aan die pantserkarre opdrag gegee om by hulle hoofkwartier, wes van die Tobruck ingang, aan te sluit.

Die vyand in die wadi is later versterk en die deurgang weer gesluit. Met die sak van die son het vyandelike infanterie aangeval. Die meeste van die troepe het sonder weerstand oorgegee. Die Divisie se verliese met die terugtog was as

volg: Gedood 27, gewond 133, vermis 233. Uitrusting: Pantserkarre 7, veldgeskut 13, tenkafweer 4, lugafweerkanonne 4. Lt Kol Percy het 28 Duitse gevangenes saam met hom na Tobruck gebring.

Dat die geleentheid wel daar was om deur te kom kon ek later verneem uit 'n verslag van die Troepebevelvoerder van 13 Veldbattery, wat ten spyte van die feit dat 'n groot gedeelte van die Britse troepe hulle voertuie verbrand het, (wat nogal groot verwarring geskep het onder die Suid-Afrikaners, wat agter hulle was, en as gevolg van die gebrek aan inligting 'n verwronge prent gehad het van wat aan die gang was,) daarin geslaag het om, omstreeks 1700 uur ongedeerd deur te beweeg. Die troep het geen vyandelike infanterie teëgekom nie. Die deurgang deur die wadi was wel onder artillerievuur, dit egter, is nie 'n versperring nie. Die Artillerie het vyf tenks in die wadi gesien, wat aan die brand was. 'n Bewys dat die pad oop was as inisiatief en leierskap nie ontbreek het nie.

Om 1745 uur het ek die toegang tot Tobruck genader, en, tot my ontsteltenis, ontdek dat die oponthoud by die poort veroorsaak is deur Britse militêre polisie wat vereis het dat voertuie deur Tobruck 'n afstand van nie minder as 100 tree tussen voertuie handhaaf nie. Dit het ek gou stopgesit. Ek het 'n opdrag hier gelaat dat Suid-Afrikaanse voertuie 10 myl oos van Tobruck oosgrens regs van die teerpad af sal beweeg, waar ons vir die nag sal bivakeer. Ek sou wat gegee het om daardie nag 'n woordjie met Genl Klopper te gaan wissel het. Ek het egter geen benul gehad waar Klopper hom bevind nie.

Ons het ons bivak daardie aand bereik sonder vertraging. 'n Groot hoeveelheid voertuie van alle eenhede het daar vergader.

Die volgende môre het ek die pantserkarregiment beveel om voor en flankbeskerming te verskaf, terwyl die res in woestynformasie volg. Dit is besluit om eers suid te beweeg tot ons die spoorweg oor is en dan oos na Gabr El Chadam, waar ek by Divisie sou aansluit. Ek het geen benul gehad waar ons eie troepe daardie môre sou wees nie, nog minder waar die vyand hom begeef het. Met net een oponthoud, as gevolg van 'n ligte skermutseling met los elemente, het ons laat daardie middag die grens bereik waar ek eenhede toegelaat het om by hulle eie formasie aan te sluit.

Ek het die Generaal gaan opsoek om hom persoonlik te verwittig van die verloop van sake. Hy was regtig bly om my te sien. Die Divisiestaf het getwyfel of ons die vangnet sou ontvlug. Het die Britse pantser hulle beloftes nagekom (hulle was met dagbreek reeds in Tobruck) en was dit nie vir die vertraging veroorsaak deur 50 Divisietroepe nie, glo ek dat alles glad sou verloop het.

Dit was aangenaam om daar, in die stilte van die woestyn met die hemelruim oortrek met sterre, onbekommerd 'n heerlike warm ete te kon sit en geniet. Genl Pienaar het nooit sterk drank op aktiewe diens gebruik nie. Daardie aand het hy aan sy G 1 Kol Celliers, gesê 'Die okasie regverdig iets beters as tee en brakwater gebrou.' En het ek nie hierdie versterkinkie geniet nie!

## Hoofstuk 10

## Suid-Afrikaners beleef nog 'n tragedie

Dit is miskien nodig om 'n kort skets te gee van die toestand soos ek dit gevind het na ek my aangemeld het by Divisie op die aand van 16 Junie. Generaal Klopper met 4 en 6 SA Brigades en 'n Indiese brigade, toegevoeg, was in Tobruck, 'n vesting waarna ek reeds verwys het, in 'n afgetakelde toestand. Soos gesê, was dit die bedoeling om Tobruck te ontruim, dan sou ons Gazala moes prys gee. Tien myl suid van Tobruck was 'n Indiese Brigade ingegrawe in die El Adem sektor met sowat 'n 5 myl front. Vyftien myl oos was 'n tweede Indiese Brigade ingegrawe by Bel Hamad. Suid van hierdie twee brigades was die woestyn plat en hard, dus gangbaar vir alle soorte voertuie. Dit was baie duidelik dat die Engelse Bevel nog nie kon besef dat hierdie soort verdediging miskien waarde kon hê in 'n opgeboude gebied nie, soos in Europa, om 'n pad te versper, maar waardeloos was in hierdie operasionele gebied. Miskien het die stippellyn op die kaart, wat 'n sandpad aandui, bekend as die Trig Capuzzo, aanleiding hiertoe gegee. Wie weet!

Ek het verwag dat die Suid-Afrikaners sou gebruik word om te help om die terugtog van 2 SA Div uit Tobruck te vergemaklik. Hulle sou vir ons van onskatbare waarde gewees het op die grens, veral die veld en tenkafweergeskut sowel as die 3,7 lugafweerkanonne, wat ingegrawe, uitstekend sou gewees het in 'n dubbel rol van tenk en lugafweer. Die plan om Tobruck te ontruim is laat vaar. Later moes ek verneem dat dit gedoen was as gevolg van 'n opdrag van mnr Churchill vanuit Londen. Hoe iemand so 'n

opdrag kon uitreik sonder om 'n volledige prent van plaaslike toestande te hê, is onbegryplik. Of was die prent in al sy naaktheid aan hom nie geskilder nie? Na alles is die plaaslike bevelvoerder, wat oor die nuutste prent van die situasie beskik, alleen in staat om so 'n beslissing te neem. As laasgenoemde op hoogte was van die benarde toestand waarin die Britse pantser verkeer het, en oor die werklike feite, wat betref die verdediging van die vesting self beskik het, en na aanleiding van wat gebeur het by Bir Hacheim en die geval van 150 brigade, kon hy nooit so 'n beslissing onderskraag het nie, en moes hy sy man gestaan het. Die sielkundige effek van 'n taktiese terugval is sekerlik meer voordelig op elke gebied as 'n vernietigende neerlaag.

Ek moes verder tot my verbasing verneem dat 'n poging die vorige dag aangewend is om 1 SA Brigade en my brigade onder bevel van 10 Indiese Divisie te plaas, terwyl 3 SA Brigade in Korpsreserwe geplaas sou word. Dit sou die Hoofkwartier van 1 SA Divisie oorbodig gemaak het. 'n Mens kon beswaarlik dink dat ons sogenaamde geallieerdes, na die swak vertoning wat hulle die afgelope weke gelewer het, die vermetelheid sou hê om die Suid-Afrikaners so 'n klap in die gesig te wou gee. Ek glo nie die Engelse Bevel het besef, dat hulle hierdie keer nie met Engelse, wat na Suid-Afrika verhuis het, te doen gehad het nie, maar met Afrikaanssprekende en Engelssprekende Suid-Afrikaners, wat nie alleen 'n hoë agting gehad het vir die bekwaamheid van hulle Bevelvoerder nie, maar ook volle vertroue in sy leierskap. Die aand van 16 Junie, toe ek by hom geëet het en ons alles in oënskou geneem het, was hy opgeruimd en vol vertroue oor sy sienswyse, wat betref die leiersvermoë van Leër en Korpsbevel, was ons heeltemal eens. As opgeleide en professionele soldate het ons oorgenoeg gesien om self 'n oordeel te vel.

In Genl Gott, as bevelvoerder, het ons min vertroue gehad. Sedert die begin van die operasies in November die vorige jaar het hy nog geen bewys gelewer dat hy 'n situasie kon opsom en sy handelwyse met sukses kon afrond nie. Ongelukkig het genl Ritchie, wat in 'n stafhoedanigheid werksaam was voor sy huidige aanstelling, tot 'n hoë mate op hom gesteun, en dit was miskien die oorsaak waarom hy nie 'n sukses was as Leërbevelvoerder nie. Gott was 'n mislukking in die gevegte om die Cauldron. Hy het ook geglo dat Tobruck gehou kan word, en dit ten spyte van wat gebeur het met 150 Brigade en die Vry Franse toe hy beskik het oor die pantser om te help en niks gedoen het nie.

Gelukkig het genl Pienaar hierdie vernederende opdrag verydel na 'n onderhoud met genl Norrie, Bevelvoerder van 30 Korps, 'n offisier vir wie die Suid-Afrikaners nogal heelwat respek gehad het. Hy was volgens ons mening, heelwat die meerdere van sy mede Korpsbevelvoerder genl Gott. Gott het vermoedelik nie veel gehou van genl Pienaar nie, want hy was nie 'n 'ja-broer' wat enige desperate opdrag goedsmoeds sou aanvaar en uitvoer ten koste van sy formasie nie. Hy het 'n gesonde opvatting van taktiek gehad en geglo dat as jy iets doen dit moet bydra tot die bereiking van jou doelwit. Anders as die Brit het hy 'n hoë premie op menselewens geplaas. Hy kon 'n selfstandige oordeel vel. Dit het hom dikwels in 'n moeilike posisie geplaas wanneer hy 'n opdrag kry wat, volgens sy mening, tot 'n nuttelose verlies van lewens sal lei, of 'n taak wat bokant die vermoë van sy formasie was. Dit het nogal dikwels gebeur.

Daar was niks verkeerd met die Divisie na sy uittog uit Gazala nie. Daar is wel verliese gely, en van ons troepe is in Tobruck gelaat om 2 SA Div te steun. Daar was ook tekorte aan personeel en wapentuig. Dit het egter nie afbreek gedoen aan moreel en vegsvermoë as 'n formasie nie. Die generaal het egter geskop teen die oorhandiging van brokkies aan ander om weggegooi te word. Dit was ook sy beskouing, en hierin het hy ons volle steun gehad, dat dit nie die funksie van infanterie is om pantser aan te durf nie, tensy die formasie behoorlik ingegrawe was, verkieslik agter 'n mynveld en oor genoeg slaankrag beskik het om vyandelike pantser af te weer. Ons was daagliks in kontak met die werklikheid en het gesien wat om ons gebeur het. Geen wonder dat elke Suid-Afrikaner uitgesien het na die dag wanneer hulle self pantsertuie kon beman, hanteer en ondersteuning aan eie troepe kon verskaf nie. Dit was genl Dan se grootste begeerte. Hy sou egter nie die dag beleef om dit te sien nie.

Twee dae na my aankoms by die grens was Tobruck reeds omsingel deur die vyand. Ja, dieselfde dag, toe ek my gehaas het om van die Tobruck omgewing weg te kom, is die Indiese Brigade in die El Adem sektor gewaarsku om hulle gereed te hou om terug te val. Daardie nag is El Adem ontruim. Die volgende dag, 17 Junie, is 4 Pantserbrigade, die laaste oorblywende pantserformasie, feitlik vernietig. Druipstert is dit oor die grens met die helfte van sy tenks in

vyandelike hande. Daardie nag word Bel Hamed ontruim deur 20 Indiese Brigade om hom net die volgende dag vas te loop in 'n vyandelike mag, wat hierdie formasie totaal verpletter het. So het hierdie Indiese Brigades, sedert die begin van Rommel se aanval teen Gazala, die een na die ander die onderspit gedelf. Elke brigade het bestaan uit een Britse en twee Indiese bataljons, volledig uitgerus en voorsien met splinternuwe woestynvoertuie, terwyl een brigade van 1 SA Divisie moes voort sukkel met ou voertuie uit Oos-Afrika en 2 SA Divisie nog nie in staat was om hulleself te vervoer nie. Hoe genl Smuts hiermee tevrede kon gewees het begryp ek nie. Hy het sy eie skakeloffisier, genl Theron, in Kairo gehad.

Het 8 Leër daardie Britse bataljons van die Indiese brigade geneem en met die beskikbare veldartillerie, tenkafweer en lugafweer 'n mobiele taakmag georganiseer, sou hulle veel meer kon vermag het as om te gaan sit op 'n nuttelose stuk sand.

Genl Klopper het twee dae gehad om sy verdediging op te knap na hy opdrag ontvang het om Tobruck te verdedig. Hy is ook die belofte gedoen dat 8 Leër sou sien dat hy nie omsingel word nie. Ons het reeds gesien wat gebeur het. Na 17 Junie was daar niks suid van hom nie, ook nie pantser om weerstand te bied nie. Hy het wel beskik oor 'n aantal infanterietenks, ontwerp om saam met die infanterie op te tree, maar nie bestand teen die beter-gewapende vyandelike tenks nie.

Genl Rommel het nie op hom laat wag nie. In aller haas het hy sy pantsermag gekonsentreer en, ironies genoeg, aangeval op dieselfde suidoostelike front waar hy sy aanval in November, die vorige jaar, beplan het en waarvan die garnisoen bewus moes gewees het. Die aanval is geloods op die môre van 20 Junie. Daardie middag het die vyandelike tenks die hawe binnegedring. Die volgende dag, 21 Junie, het die garnisoen gekapituleer.

Na 'n studie van die vyandelike aanval en die teenmaatreëls wat die verdediging getref het, was dit vir my duidelik dat die Bevelvoerder te laat ingelig is oor die werklike toedrag van sake op die 20ste. 'n Beter kommunikasie netwerk, veral wat betref gebeurtenisse in die voorlyn, sou van baie waarde gewees het en kon teenmaatreëls bespoedig het. 'n Mens kan die vraag vra, waar was die artillerie met hulle observasieposte dwarsoor die front? Was die Divisie Artilleriebevelvoerder langs dié van die Divisie om maklik te kommunikeer? Vermoedelik was daar nie gevra vir 'n lugverkenning daardie oggend nie. Beskikbare transport moes op 'n vroeë stadium gedesentraliseer gewees het ingeval toestande die Bevelvoerder gedwing het om die vesting te ontruim.

Dit was ons ondervinding dat 'n pantseraanval gestuit kon word indien artillerievuur, verkieslik in die vorm van konsentrasies, verhoed het dat die infanterie en tenkafweer saam met die pantser opruk. Voldoende artillerie was beskikbaar vir so 'n taak. Die volle slaankrag van die artillerie moes gebruik gewees het teen die inisiële aanval. Dit was stuksgewyse gebruik. Dit dui daarop dat die stellings swak geplaas was en op 'n gebrekkige artillerie plan. Dit is juis die einskap van artillerie dat vuur van die een plek na 'n ander verplaas kan word sonder dat die kanon geskuif word. Die Artilleriebevelvoerder het in hierdie opsig nie gesonde maatreëls getref nie. Die vyand is met die vingers getik in plaas van die gebalde vuis. Die teenaanval deur pantser is drupsgewyse uitgevoer en nie ondersteun deur voldoende artillerie nie. Voorsorgmaatreëls moes getref gewees het met stoters om gate vooraf te berei sodat tenks romponderstellings kon inneem om die vyandelike tenks in te wag totdat hulle binne effektiewe trefafstand was.

Nadat die vyand reeds op die eerste aand die hawegebied bereik het was dit nutteloos om verder weerstand te oorweeg, want sou die verdediging besluit om die volgende dag voort te veg, sou dit net 'n kwessie van tyd gewees het. Die vyandelike oormag in slaankrag was te groot. Indien voertuie gedesentraliseer was sou dit moontlik gewees het om 'n aansienlike persentasie van die vegtendes te ontruim. Die Suid-Afrikaners het oor genoeg slaankrag beskik om 'n pad te baan deur die omsingelingslyn, veral in die suidwestelike sektor. 'n Opdrag om te ontvlug moes reeds vroegaand uitgevaardig gewees het. Daar was genoeg tyd om 'n gekoördineerde poging daardie nag te organiseer en uit te voer. Eenmaal in die oop terrein sou niks hulle verhoed het om by hul makkers op die grens aan te sluit nie.

Die volgende dag, na my aankoms, dws 17 Junie, is my brigade die taak gestel om die drie passe oor die platorand, wat gestrek het vanaf Sellum in 'n suidoostelike rigting, te verdedig terwyl 1 en 3 SA Brigades, met Divisiehoofkwartier, hulle intrek sou neem in die Hamra 'Box'. Dit was soos 'n baie groot beeskraal, met gerolde

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

doringdraad omring, in die oop plat woestyn. Wie se breinkind hierdie was weet ek nie. Vermoedelik was dit bedoel vir die huisvesting van infanterie. Dit was een manier om hulle op 'n skinkbord aan die vyand aan te bied. Verder noord was daar nog twee sulkes, die Sellum en Sidi Omar Box. Ek glo nie die Suid-Afrikaners het hiermee genoeë geneem nie. Daar was heelwat gespot. En toe, nie onverwags nie, ontvang ons 5 dae later die treurige nuus, dat 2 SA Divisie nou ook van die toneel verdwyn het, en dit as gevolg van 'n verkeerde beslissing uit 'n politieke oord. Dit laat 'n mens, onwillekeurig, terugdink aan Gallipoli van die Eerste Wêreldoorlog, nog 'n Churchill fiasko.

Gedurende die paar dae wat ons hier vertoef het, was verskeie take aan ons opgedra. Afgesien van die passe moes ons ook beskerming verleen aan die landingsgrond, etlike myle van ons af. Op 21 Junie, die dag toe Rommel Tobruck oorrompel het, is 1 SA Divisie aangesê om terug te val na El Alamein. My brigade het agtergebly. Die brigade het nou onder Korps gesorteer en moes voortgaan met sy taak. Na my vorige ondervinding met my provoos het ek hierdie keer vroegtydig voorsorg getref en opdrag gegee dat petrolblikke, die ou sagte 4 gelling soort, geplaas word al langs my terugval roete. Die letter M is uitgesny op elke blik en, as ons in die donker moes terugval, is voorsiening gemaak om dit te verlig met 'n blikkie sand en 'n bietjie petrol daarin. Dit sou die pad duidelik aandui in die donker. Hoewel my brigade onder die platorand gelê het, het ek besluit om oor die oop woestyn terug te val en nie langs die kusroete nie. Ek was vasbeslote om uit te wees voor die vyand die deur agter my toemaak. Alles was gereël. Elke eenheid het geweet waar dit inpas en elke bevelvoerder het geweet dat geen vertraging geduld sal word nie. Een enkele woord sou die hele brigade in beweging bring.

Genl Pienaar moes besorg gewees het oor ons. Hy het my kom opsoek en my meegedeel dat hy sal bly totdat ons opdrag ontvang het om terug te val. Twee dae later, 23 Junie, die laat middag, ontvang ons die verwagte opdrag. Kort na die ontvangs van die opdrag was die brigade in beweging. Die provoos het hulle werk goed gedoen. Nêrens was daar 'n oponthoud nie. Geen enkele voertuig het afgedwaal nie. Die letter M was duidelik sigbaar in die donkerte. Ons is by Sofati oor die platorand en het in die maanlig goeie gebruik gemaak van die oop woestyn. My opdrag aan die brigade was dat sodra die maan wegsak bly elke voertuig staan net waar dit is. Sodra dit lig word en die voertuie sigbaar word, word die terugtog voortgesit. Ons het ook net by die neus van die vyand verby geglip, want die volgende aand was ons 40 myl van Matruh, dit is 95 myl oos van waar ons in stelling was. Ek het 'n taamlike suidelike roete oor die woestyn gekies om die aandag van die vyandelike lugmag so ver as moontlik te vermy. Niks het verder voorgeval nie.

* Genl C. L. de W. du Toit, DSO was 'n voormalige Hoof van die Generale Staf.